


# Tydskrif vir Letterkunde



Augustus 1970  
Nuwe Reeks VIII 3





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# Tydskrif vir Letterkunde

Redakteur: Coenie Rudolph

## **Skakelredaksie**

J.J. Brits - W.A. de Klerk - André Demedts

B. le Roux - Joan Lötter - Koos Meij

Eben Meiring - Mie-jeanne Moelaert - P.J. Nienaber

Z.J. Pretorius - P.D. v.d. Walt - M.M. Walters

Augustus 1970 - Nuwe reeks VIII:3

REDAKSIE-ADRES:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.  
L.W. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word  
as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

ADMINISTRATIEWE ADRES:

(vir intekening, sirkulasie en advertensie)  
Tydskrif vir Letterkunde, Posbus 1758, Pretoria.

INTEKENGELD: R3 per jaar.

Los nommers: 75 sent per eksemplaar.  
L.W. Skole word vriendelik versoek om direk by bg.  
adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word maandelik  
gemaak deur 'n jaarlikse skenking van:

DIE DEPARTEMENT KULTUURSAKE

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDSRAAD

aan die Afrikaanse Skrywerskring

wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word,  
is nie noodwendig ook menings van die redaksie of  
van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

# Inhoud

<i>C.F. Rudolph</i>	In gesprek met Ernst van Heerden, 1
<i>Jeanne Goosen</i>	'n Hart se deursnit, 14
<i>Louis Eksteen</i>	Memento mori, 19
<i>Hélène Kesting</i>	Ek dink aan Preciosa, 21
<i>Annelize Morgan</i>	'n Besef, 23
<i>Marie Viljoen</i>	Dooimansdeur, 24
<i>Vincent v.d. Westhuizen</i>	Bonnie & Clyde, 26
<i>Edrich de Villiers</i>	Remembrance, 28
<i>Olga Kirsch</i>	Verse van Leah Goldberg, 29
<i>C.F. Rudolph</i>	Die moeder en die kind, 31
<i>Sarel Smit</i>	Die voet is uit spoor, 38
<i>Marlise Joubert</i>	Jou loop oor teerpad, 39
<i>Marietjie Joubert</i>	Die psigiater, 41
	<b>N.P. van Wyk Louw</b> , 44
<i>Roger Pieters</i>	Hippies in het dorp, 45
<i>Theunis C. C. Lombard</i>	Johannesburg, 50
<i>Mike Oberholzer</i>	Ontberinge, 51
<i>Greta Sauerma</i>	Maan, 52
<i>André Demedts</i>	Spreek en met Johan Daisne, 54
<i>Johan Daisne</i>	De Boot, 59
<i>D.M. Joubert</i>	Ystergordyn, 60
<i>Aletta Lubbe</i>	Een dag langer, 61
<i>R.M. Klopper</i>	Petra, 65
<i>Fanus Bothma</i>	Onthaal, 66
<i>Lucas Malan</i>	Slaap diep slaap ver, 67
<i>A.D. van Vuuren</i>	Let op die nag, 68
<i>A.J. Visser</i>	Strofe 8, 9 en 10 van <i>Die Swart Luiperd</i> , 69
<i>Cromwell Everson</i>	Telepatie, 72
<i>Mada Reinecke</i>	Die dag voor hemelvaart, 75

Buiteblad: ERNST VAN HEERDEN (Foto: Caru)



C. F. Rudolph

## In gesprek met Ernst van Heerden

Ernst, kan jy vir ons so 'n paar lewensbesonderhede verskaf oor jou geboorteplek, opleiding ens.?

Coenie, ek is eintlik Oos-Kaaplander van geboorte. Die plek se naam is Pearston, 'n klein Karoodorpie geleë tussen Somerset-Oos en Graaff-Reinet. As jy suidwaarts kyk, Port Elizabeth se kant toe, kyk jy eintlik half sal ek maar sê, oor Somerset-Oos. As jy noordwaarts kyk na Bloemfontein of na Transvaal se kant toe, dan is dit oor Graaff-Reinet. Al twee die dorpe ken ek goed en altwee het nogal vir my iets beteken, elkeen op sy eie manier.

Is dit in die AAMBORSTIGE KLOK wat jy jou kinderjare beskryf?

Ja, in die AAMBORSTIGE KLOK beskryf ek van my kinderjare, maar ek dink die verwysings na Graaff-Reinet en Somerset-Oos is maar net sydelings daarin; die boekie gaan natuurlik oor Pearston. Ek verwys nou maar na die boek as iemand biografiese besonderhede wil hê. Maar ek kan darem miskien net opsom: ek was veertien toe stuur my ouers my, in teenstelling met die gebruik in ons dorpsgemeenskap, na die Engelse Hoërskool, Grey, in Port Elizabeth, 'n skool wat deur en deur Engels van gees was en ook van metode. Jy weet dit was presies soos 'n Engelse „public school”, soos Eton of Harrow is dit daar ingerig.

Is dit daar waar jy toe jou goeie Engels leer praat het?

Ja, ek weet nie hoe goed my Engels is nie maar ek het in elk geval daar leer Engels praat. Maar op Pearston en Port Elizabeth het ek buitengewoon knap en simpatieke onderwysers gehad wat Afrikaans gedoseer het. Op Pearston was dit mnr. Van Schoor, en in Port Elizabeth was dit 'n mnr. De Villiers. En ek het in die Engelse skool Afrikaans Hoër geneem vir matriek, saam met Engels Hoër. Die mnr. De Villiers het my ook gedril sodat ek eerste gekom het in Suid-Afrika in die Hoër Taalbond. Dit was natuurlik vir die Engelse skool toe 'n groot prestasie! Nou van Grey, Port Elizabeth, is ek toe op sestienjarige leeftyd na Stellenbosch wat natuurlik ook toe weer sy kontras ingehou het — die volkome Afrikaanse universiteitsomgewing, en 'n kleinerige dorp. Nouja, op Stellenbosch het ek my studies voortgesit in die letterkunde met Engels III, Afrikaans-Nederlands III as hoofvakke. En ek het Duits en Latyn ook gehad saam

met Sielkunde. Daar was my leermeesters die twee literatuurprofessore E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe, wat elk op sy manier bygedra het tot my vorming. Ek het ook goeie taalkundeprofessore gehad o.a. J.J. Smith, die man wat die woordeboek begin het, en A.C. Bouman, die Germaanse filoloog wat vir ons Oud-Engels gegee het en Middel-Nederlands en Oud-Noors. Van Stellenbosch is ek ná die M.A. met 'n beurs na die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, waar ek toe veral in die Nederlandse Letterkunde gestudeer het. Daar was my hoof-professor Antonie Donker. Die oorlog het egter die studieplan onderbreek en miskien het ek minder gestudeer en meer gesels in Amsterdam. My groot maats daar was W.J. du P. Erlank — die skrywer Eitemal, en W.E.G. Louw wat, om die waarheid te sê, in dieselfde huis as ek gewoon het. Nou van Amsterdam is ek terug Stellenbosch toe om my Onderwysdiploma te neem. Daarna is ek vir 'n tydelike betrekking van agt maande na die Universiteit van Natal, in Pietermaritzburg. Toe was dit nog 'n Universiteitskollege. Daarvandaan is ek toe terug Stellenbosch toe waar ek 'n permanente aanstelling gekry het as lektor in Afrikaans in die Fakulteit Opvoedkunde. En daar het ek toe gebly tot 1951 toe ek met 'n beurs van die Belgiese regering na Gent toe is waar ek na 'n jaar en 'n half gepromoveer het. My proefskrif het gegaan oor die digterlike beeld, met spesifieke verwysing na Van Wyk Louw se poësie. Nou ja, ek is terug van Gent na Stellenbosch om my ou betrekking weer op te neem en daarvandaan het ek toe begin 1960 na Johannesburg verhuis waar ek toe mettertyd professor geword het aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Die kontak met Van Wyk Louw, sal jy 'n bietjie daaroor praat?

Ja, vir my was dit natuurlik 'n groot uitdaging om sy kollega te word en om saam met hom die letterkunde hier te doseer. Hy was 'n taamliek geslote soort persoonlikheid, hy was nie 'n man wat maklik toeganklik is vir iedereen nie. Maar ek dink as hy mettertyd vertrou in jou ontwikkel het dan het hy oopgegaan, en was hy makliker toeganklik as vriend. Nou wat hy vir my beteken het, is moeilik om in woorde te stel. Ek sou sê . . . ek kan dit tog probeer. Ek dink die eerste en die belangrikste is dat hy vir my bevestig het wat ek uit sy werk geken het. Nou nie so seer sy werk as digter nie, maar sy werk as kritikus en as besinner oor die literatuur. Dat hy by my ingeskerp het daardie volkome kompromislose instelling teenoor die literatuur: dat die estetiese altyd die eerste woord in enige beoordeling moet spreek. En dat 'n mens eintlik in jou siening van die literatuur alles van jou beskouing moet afstroop wat nie suiwer en onbesmet met die literatuur self te doen het nie. Dit wat ek van hom as betreklik abstrakte

persoonlikheid in sy skryfwerk geken het, is toe vir my bevestig in die lewende, persoonlike kontak met die man. Daarby moet ek noem dat hy vir my ook laat nadink en besin het oor die grondslae van die nasionalisme, die nasionale opvatting in my eie lewensbeskouing. Nou dit was ook weer 'n uitbouing van sekere denkbeelde wat hy in sy boeke reeds baie duidelik gestel het. Maar Van Wyk Louw was so 'n onbewimpelde, eerlike mens, so in murg-en-been nasionalis, nè? in die ruimste sin van die woord, dit móes op ander persone 'n indruk maak wat daagliks met hom omgegaan het. Dan was ek ook altyd onder die indruk van sy volkome spontane reaksie teenoor wat goed en wat mooi is in die literatuur. Daar was sekere gedigte wat hy nooit kon lees sonder om aangedaan te raak nie. Een wat ek nou kan onthou was DE VOGEL PHOENIX van Vasalis, wat 'n manjifieke gedig is, en wat hy elke keer met trane in sy oë met die studente bespreek het. En hy was nie skaam om dit te sê nie.

Waar het jou digterskap sy oorsprong gehad?

Wel, die oorsprong gaan baie ver terug in my lewe. Ek onthou goed dat my moeder, wat 'n onderwyseres was, by my altyd die liefde vir die poësie ingeskerp het. Die gedigte wat sy geles het en van gehou het, sou ek vandag esteties miskien nie baie hoog skat nie, maar dit was in elk geval die basis waarop ek 'n liefde vir die poësie ontwikkel het. My onderwysers het my aangemoedig om gedigte te skryf en ek dink my vroegste gedigte moet ongeveer dateer van my agste of tiende jaar. Ek kan my nog baie goed voorstel hoe ek 'n soort bloemesinkie gemaak het van my eie gedigte. Dit was natuurlik uiters romantiese temas want my pogings was gebaseer op die soort verse wat ek in tydskrifte soos *Die Huisgenoot* en *The Outspan* geles het. En ek het van dié versies van my ingestuur na die kinderhoekies van die Port Elizabethse koerante. Af en toe het ek 'n prys gekry vir 'n gedig of vir 'n stukkie prosa.

Die rol wat 'n moeder speel met haar bewusmaking van die poësie, en die rol van onderwysers — slaan jy dit hoog aan?

Ja. Kyk, ek sou eintlik die invloed van die onderwyser, veral die onderwyser in st. VII en VIII, nou hoër stel as dié van my moeder, want die onderwyser was 'n geleerde man en 'n man met ruimer kennis as wat my moeder gehad het. En hy het my veral ingelei in die Afrikaanse poësie. Ek het die Engelse poësie van my moeder dikwels gekry en gehoor. Maar die spesifieke onderwyser van wie ek nou praat, het my veral bewus gemaak van die skoonhede in die Afrikaanse poësie. Dit was Jan Celliers, Totius en Leipoldt, nie veel verder as dit nie. Vir die eerste keer kon ek toe sien dat my eie taal ook as 'n poëtiese middel aanvaarbaar en esteties is.

Hoe word jou bundels saamgestel? Is dit eers 'n keuse van gedigte en dan die samevattende titel, of ontstaan die gedigte rondom 'n sentrale tema?

Ek dink die meeste van my gedigte ontstaan spontaan, sonder gedagte aan 'n bundel of 'n sentrale tema. Maar dit is eers as ek hulle baie krities bekyk, jy weet, maande of selfs jare nadat hulle geskryf is, dat ek dan 'n keuse maak. Dan word ek baie doelbewus gelei deur die soek of strewe na 'n sentrale tema. Dikwels het ek dan al klaar 'n proeftitel in gedagte. En dan kyk ek of die gedigte, of die meerderheid van hulle, kan aanpas by die titel en dan gooi ek dié uit wat heeltemal en volkome vreemd val vir die titel.

Al kan dit nou ook 'n goeie gedig wees?

Ja. Ek hou hom desnoods oor vir 'n latere bundel. So gebeur dit dat 'n hele paar van my bundels gedigte in het wat nie in daardie tydperk ontstaan het nie, maar wat miskien teruggaan tot tien jaar gelede. Dus: my gedigte ontstaan nie om 'n sentrale tema nie, hulle word eintlik gerangskik om aan te pas by 'n titel. Ek dink nou aan my bundel **KORAAL VAN DIE DOOD**. Die grootste gros van dié gedigte, al is dit in 'n verwyderde verband, staan tog in verband met die dood, of met die skoonheid van die dood.

Maar as jy dit nou agterna beskou, het dit nie te doen met 'n sekere fase in jou lewe nie? Kyk, jy het netnou gepraat van die besinning oor die nasionalisme byvoorbeeld.

Ja, ek dink 'n mens groei natuurlik. Het 'n Engelse skrywer nie êrens iets van die aard gesê nie dat „we lose in ripening, yet ripening is all”? Ons word steeds ryper en dink inniger na oor ons lewensprobleme. En ek sou reken jy het volkome gelyk dat mens wel 'n bundel kan sien as die weerspieëling van 'n soort gedagte-wêreld of lewensbeskouing wat gekoppel is aan 'n sekere tydperk in jou lewe. In dié opsig is my bundels miskien ook 'n progressie in my ontwikkeling as mens, as persoonlikheid, afgesien van enige ontwikkeling wat dit mag vertoon in die tegniese hantering van die vorm. Ek praat nou meer van die tema en van die lewensbeskouing wat ten grondslag van die bundel lê.

Ernst, iemand het êrens beweer dat daar min ontwikkeling in jou verskuns is. Het jy kommentaar oor die stelling?

Ek dink daar steek 'n element van waarheid in, dat ek geneig is om 'n bepaalde soort vers (wat ek na my mening redelik goed hanteer) 'n bietjie oor en oor te herhaal. Maar hierdie stelling hou miskien nie rekening met

my jongste bundel nie. Ek dink ANDERKANT BESIT het heelwat nuwighede gebring, bloot wat die tegniese hantering van die vers betref. Verder is daar veel meer elemente van eksperimentasie met die vorm en met die woord as in my vroeër werk.

As ek nou moet oordeel dan lyk dit of jy in die bundels vóór DIE KLOP dikwels tot 'n soort negatiewe slotsom gekom het, bv. van vrees. Maar daar is 'n element van oorwinning in DIE KLOP . . .

Ja.

'n Weerbaarheid wat vroeër ontbreek het?

Bepaald. As ek praat oor stilstand, of oor weinig ontwikkeling, of oor vernuwing, dan wil ek graag onderskei tussen twee aspekte daarvan. Die een wat jy nou aangedui het wat ek tematies sou noem, en die ander dan tegnies. So, ek sal reken in my werk sedert DIE KLOP is daar in beide opsigte vernuwing of aanpassing by nuwe eise. En as ek dit dan tematies moet stel, dan dink ek jy het volkome gelyk dat daar miskien 'n helderheid kom in my verskuns wat in ANDERKANT BESIT oorslaan na die self-spottende, die skalkse, die ironiese, die bouterende wat vroeër volkome vreemd was aan my verse. Die vroeër verse was, wat dit betref, eerder somber, eerder eiekennig, eerder na binne gekeer en met die aksent baie duidelik op die donker kwaliteite, soos Antonissen gesê het. Dit is die negatiewe kant van die lewe. Maar ook stilisties, ook tegnies dink ek, is daar in die afgelope twee bundels heelwat nuwighede.

Hoe gaan jy te werk as jy 'n gedig skrywe? Weet jy wat jy gaan skrywe, of is dit 'n onbewuste proses, 'n skielike ingewing?

Ja, *weet* is eintlik te rasioneel voorgestel. Ek kom eerder agter, dat ek nou 'n gedig wil skryf. Maar dit is nooit 'n volkome afgeronde gedig wat tevoorskyn kom nie. My gedigte gaan nogal deur verskillende stadia en ek verander heelwat daaraan. Vriende wat belangstel, vra vir my nogal om die variante vir hulle te hou. Want die eerste lesing van die gedig, of die fragment van die gedig word gewoonlik in handskrif geskryf. Maar onmiddellik daarna tik ek dit self om dit in die verwyderde, en onpersoonlike vorm van die tikskrif te sien. En dan verander ek daardie lesing en ek tik hom oor. So gaan dit aan tot ek dit feitlik agt of tien keer oorgetik en bygevoeg en verander en vervorm het, tot ek nou ongeveer voel hy is publiseerbaar. Maar, Coenie, ek dink jy sal saamstem dat elke gedig maak natuurlik sy eie wet.

Ja, jy kan nie eintlik veralgemeen nie.

Jy kan nie 'n algemene reël neerlê nie, want *Fusillade*, (wat nou een

van my probleemgedigte is — volgens 'n hele horde skoolkinders wat vir my skryf oor die slot) het feitlik in een sprong ontstaan. Dit het ek net eenvoudig gaan sit en skryf. Maar dit was in die tyd van die Spaanse Burgeroorlog. Onthou jy toe Lorca ook doodgeskiet is? Daar was sekere literêre herinneringe by my, of literêre assosiasies. Maar die hele idee van 'n gevangene wat teen die wit muur gestel word en doodgeskiet word was nogal in die nuus toe, met die Francostryd in Spanje. En my gedig het heelwat van dáárdie sfeer, alhoewel hy wat sy landskaplike agtergrond betref Suid-Afrikaans is.

Is 'n gedig vir jou 'n uiting van emosie, of is die emosie net 'n aanleiding waarna dit eintlik struktuurvereistes is wat oorneem?

Ja . . . ja. Baie van my gedigte ontstaan — jy vra nou of dit 'n uiting van emosie is — maar dit ontstaan miskien uit 'n skielike vonds van 'n metafoor. Ek bou dikwels 'n gedig uit van 'n basiese metafoor wat in die gedig sentraal staan. Ek bou na boontoe of na onder toe en dan begin die gedig vorm aanneem. Maar in baie gevalle is die genesis van 'n gedig van my 'n enkele metafoor van 'n paar woorde. En dikwels ook 'n herinnering uit my kinderjare. Ek sien iets wat vir my onmiddellik en skielik met 'n flits terugvoer na wat ek veertig jaar gelede ondervind het, dit kan selfs 'n geur wees, of 'n kleur, of ook 'n emosionele toestand.

Ja, jou verse laat blyk dat die sintuiglike nogal 'n belangrike rol speel.

Baie sterk, ja.

Juis in die vorm van beelde?

Ja, dit is so.

Baie van jou gedigte het 'n angel in die slotsin, asof jy die groot sê bêre vir die heel laaste.

Kyk, ja, ek is nogal bewus daarvan dat 'n gedig sterk moet eindig. En verse wat vir my persoonlik aantreklik is, is gewoonlik dié wat baie sterk slotsinne het. Daarom hou ek so geweldig baie van Van Wyk Louw se sonnette. Omdat almal so 'n klinkende slotsin het:

„Mooi is die lewe en die dood is mooi”

of

„'n Laaste kuil van stilte tussen riet.”

En dit is miskien onbewus waarna ek ook streef. Daarom sal jy baie van my gedigte kry wat opsommend is in die slotreël, of méér as opsommend — hulle probeer in 'n slotbeeld die hele gees en strekking van die gedig

saamvat. Partykeer natuurlik slaag ek nie daarin nie, maar dit is in elk geval my strewende.

Antonissen maak, veral na aanleiding van DIE SEWE VRESE, melding van jou vernuftigheid as digter en noem die gedigte selfs „vernufspoësie”. Lewer asseblief kommentaar daaroor?

Ek dink dit is ’n legitieme kritiek of karakterisering. Ek dink die vernuf, die rasonale denke, die slimmigheid, die intellektuele arbeid, is altyd net onder die oppervlakte van my gedigte. Hulle is, miskien ’n bietjie op die patroon van Opperman, (wat ek as digter bewonder) ook intellektuele ekskursies vir die leser. En ek neem aan dat as ’n man ’n gedig skryf en hy is redelik belese in die literatuur (soos ’n dosent in die literatuur, dink ek, darem móét wees) dan sal daar spore daarvan in sy poësie voorkom. Ek weet nou nie of dit presies die begrip „vernuf” dek nie, want vernuf is natuurlik meer as erudisie. Vernuf lê miskien ook in ’n aangebore gawe wat ’n mens het om ’n sekere wending in die gedig te hanteer. Ek dink in my geval is dit miskien ’n bepaalde vorm van die metaforiek, van die skielike verbind van twee begrippe wat oënskynlik dispaaraat lyk, maar wat dan in die gedig ’n bepaalde emosionele waarde kry. Ek dink nou aan ’n eenvoudige voorbeeld wat ’n bepaalde emosionele waarde kry, soos my beeld „die dun dolk van die maan” waar die verband met die kris van die Oosterlinge, daardie krom swaard wat ook as ’n dolk gesien kan word, dan bepaald dui op die sekelmaan. Maar ek dink Antonissen se kritiek is volkome regverdig: baie van my poësie is breinprodukte en is werklik die uitvloeisel van denke, of van besinning oor iets.

Ek glo nie dit moet negatief gesien word nie. Die intellektuele inslag hoef mos nie ’n diskwalifikasie van die gedig te wees nie!

Ek weet nie. Ek dink die mooiste gedigte is dié waar die twee elemente, die hart en die brein, mooi in ewewig staan teenoor mekaar, waar daardie fyn spel van die skaal jou tref.

Antonissen noem ook die emotiewe ver-beeld-ing (met koppeltekens!) die vernaamste spil van jou poësie. Watter aspek sal jy die vernaamste spil noem?

Ja, ek weet nie, die ver-beeld-ing, die tot beeld-making van ’n emosie is bepaald my tegniek. Ek dink dit is een van die grondkenmerke van my poësie. Maar of dit nou die vernaamste is, weet ek nie. Dit is so moeilik om te veralgemeen oor die hele digterskap, veral as jy self die skepper daarvan is. Die vernaamste spil van my poësie sou heelwaarskynlik die tema van

die dood wees, of van die stryd van die mens teen die dood, of die oorwinning deur die liggaam van daardie wegtrekkende, wegsuigende krag van die dood, soos in baie van my sportgedigte te sien is.

Ja, die gewigopteller se oorwinning van die swaartekrag!

Ek dink ook aan die FIETSWEDREN. Jy weet waar die fietse so probeer wegkom van die aarde, maar die suigkrag van die aarde trek hulle in die tregter van die vrees in. So 'n Olimpiese fietsbaan het 'n helling, en as jy hom van bo-af bekyk, lyk hy inderdaad soos 'n enorme tregter. Dit is natuurlik waar ek my beeld van die tregtervrees vandaan kry. Maar dit is 'n moeilike vraag wat ek dink nie sonder meer met 'n ja of nee beantwoord kan word nie.

Ek self het natuurlik 'n paar bedenkinge oor die gebruik van „vernaamste” om die een of ander element van die poësie uit te sonder. In die poësie gaan dit tog altyd oor die integrasie van al hierdie elemente saam. Jy kan nie een van die boumiddele losmaak nie en sê: kyk, dié boumiddel is die belangrikste!

Ek sal dit so stel, Coenie: daar is gedigte waarin die beeld die belangrikste element is, maar dan is daar weer soveel ander waar die ritme miskien oorheersend is, of selfs die metrum, of selfs die doodgewone landskaplike lokaliteit van die gedig . . .

Ernst, dit kan miskien vir lesers van *Tydskrif* 'n mooi samevatting van die inhoud van jou bundels gee as jy kan verklaar wat jou bundels se titels beteken, of dan 'n paar daarvan.

Kyk, soos ek netnou op 'n vroeër vraag geantwoord het — nadat ek 'n hele klomp gedigte geskryf het, kies ek 'n titel om aan te pas by die oorheersende sfeer van die meerderheid van daardie gedigte. So as 'n bundel sê nou maar VERKLAARDE NAG heet, dan beteken dit nou nie dat ál die gedigte daarin juis onder dié titel tuis te bring is nie. Die eerste bundel WEERLOSE UUR is die jongeling se romantiese instelling teenoor die werklikheid en sy gewaande ongelukkigheid om nie teen die noodlot te kan opkom nie — die weerloosheid daarvan. Dit is 'n uiters romantiese titel soos 'n mens verwag van 'n negentien- of twintigjarige skrywer. VERKLAARDE NAG het as titel 'n bietjie meer substansie, sou ek sê. Die titel het terloops niks te doen met die gelyknamige musiekwerk van Arnold Schönberg nie. Daar is kritici wat daarin iets gesoek het van die twaalftoon-sisteem van Schönberg. Maar eintlik is dit 'n doodgewone frase wat ek self bedink het. Miskien was ek tog onbewus beïnvloed



deur die *Verklärte Nacht* van die Duitse komponis, maar vir my beteken dit maar net die verheldering van die probleem; — die donkerte het ligter geword, het duideliker geword. En so dink ek kan mens in die meeste van my bundels 'n redelik maklike eerste laag van die betekenis vind. KORAAL VAN DIE DOOD het weinig problematies. Mens moet net daaraan dink dat die woord *koraal*, in sy een betekenis, die estetiese, die skoonheids-elemente van die dood voorop stel. ANDERKANT BESIT is 'n redelike vae titel, wat vir my 'n sinspeling is op die dinge wat jy in jou lewe wil besit en wat jy nie besit nie, die dinge wat anderkant die materiële besit lê, m.a.w. dinge soos toegeneentheid, of liefde, of vriendskap, of wat ook al. Want 'n mens se lewe is uit die aard van die saak, veral op my leeftyd, vol pragtige dinge wat jy reeds besit, tasbaar, om jou heen. Jy het 'n mooi boekeversameling, jy het 'n huis, jy het mooi dinge wat jou lewe verryk, maar anderkant die tasbare besit is daar ander dinge wat jy nie het nie, wat ontbreek.

Daar is 'n soort surrealistiese element in jou verse. Hou die kritiek genoeg rekening daarmee?

Wel, Antonissen het dit besonder fyn gestel in een van sy opstelle oor my werk. Ek dink die gedig was *Treursang oor Lewe en Dood* waarna hy verwys het. Daar is nog een wat ek presies op hierdie model gekomponeer het. Jy sien, dit is die samebring van 'n hele klomp disparate elemente om 'n sekere soort wêreld op te tower — 'n fantasiewêreld.

Die vraag is juis: Wat is die bindmiddel in *Treursang oor Lewe en Dood*? Wat bind daardie disparate? Kyk, dit word problematies as 'n mens lees „waar trane vroeg *verys*” . . . „*braai skenkelbeen*”.

Ja, dit lyk asof die een ding die ander uitkanselleer. Maar ek weet nie, móét 'n gedig 'n bindmiddel hê?

Ek weet nie. Miskien tog wel.

Die bindmiddel hier, sou ek sê, is die verbluffende van die verbeeldingsprong. En hulle is op 'n baie vreemde manier tog almal weer verbind met sekere kinderervaringe van my. En die landskaplike elemente in die gedig gaan almal terug na daardie Karoojeug, wat ek in *DIE AAMBORS-TIGE KLOK* beskryf. Maar daar is heelwat ander elemente. Daar is ook elemente in van my leeslektuur, my leeskennis, bv. so 'n ding soos „Kro-kantates by die kuile.” Jy weet dit is 'n reël wat afgesien van sy alliteratiewe waarde tog al weer 'n hele klomp dinge verbind met die Kro, die Karoo. *Kantate* is teenstellend 'n betreklike gesofistikeerde

musiekbegrip wat weer op sy beurt verbind word met die *kuile* met

*ou kapaters en jong uile,  
vra manna rein: dis God se kos,*

met 'n Bybelse verwysing nog daarby. Maar dit is nou werklik, Coenie, die een gedig wat jy nie vir my moet vra om te verklaar nie.

Nou ja, hy is juis die problematiese! Hy is juis vir my die bewys dat daar ontwikkeling in jou poësie is.

Ja, so 'n gedig sou ek natuurlik in die eerste twee dekades van my skrywersloopbaan nooit geskryf het nie. Dit is miskien ook 'n bewys van 'n groter selfversekerdheid, en van 'n groter geloof in my eie tegniese vermoë om te kyk of dit kán slaag, of dit nie net op 'n moontlike brabbeltaal uitloop nie.

Stel dié gedig nie die probleem van die poësie as kommunikasie nie?

Ek glo dat 'n gedig moet kommunikeer en iets sê vir die leser, maar hier dink ek is die gedig eintlik doelbewus meer geslote. En ek dink hy sou hier eintlik 'n beroep doen op die heel bepaalde individuele en persoonlike assosiasie wat elke leser met dié begrippe het. So ek dink hierdie gedig is eintlik volkome onparafraseerbaar. Jy kan hom net eenvoudig nie oorskryf nie. Vir één sensitiewe leser sal dit heelwaarskynlik niks sê nie, en vir 'n ander ewe sensitiewe leser sal dit dalk 'n hele openbaring wees. Maar van direkte kommunikasie is daar eintlik weinig sprake.

Ja, maar die kommunikasie is nog daar! Maar die man wat lees, moet êrens die sleutel kan kry, al is dit nie betekenis wat gekommunikeer word nie. Al is dit sake wat op 'n subverbale vlak lê, wat jy tog hier verbaal probeer aandui.

Ja, die woord *sleutel* is juis die sleutel! Kyk, daar is baie gedigte, veral as jy dink aan moderne Engelse gedigte, waar die sleutel vir jou lê in die kennis van sekere historiese of kulturele verwysings. Maar in hierdie geval is dit van minder belang, hier is dit eerder 'n soort sfeer, 'n soort wêreld van die fantasie wat gekoppel is aan 'n paar basiese simbole, wat vir jou die sleutel verskaf.

Wat is jou houding oor die amptelike kritiek? Het dit ooit gehelp? Is dit nodig?

Wel, ek weet nie wat die „amptelike” kritiek is nie. Kom ons sê maar: die kritiek het merkwaardig juis oor my poësie geoordeel. As ek nou 'n

paar kritici moet uitsonder, dan sal ek sê dat H.A. Mulder die eerste was om my amptelik aan te moedig met my vroegste werk; en 'n latere opvolger van hom, Rob Antonissen, het op 'n merkwaardige wyse die werklike essensie waarna ek strewe en wat ek in my poësie wil sê, vasgevang in sy kritiek. Soos jy weet, Coenie, ek is self 'n kritikus en ek sou hoop dat die kritiek my gehelp het. Die kritiek het my bv. baie deeglik bewus gemaak van die swakhede in my poësie, en of ek nou die swakhede uitgestryk het of nie, ek is bewuster daarvan sedert my werk aan baie skerp kritiek onderwerp is. En jy weet natuurlik my poësie is genadeloos gekritiseer. Nee, ek glo nie ons moet die kritiek afskryf nie.

Die digterlike beeld — wat is die essensie daarvan en waarop berus dit?

Die digterlike beeld is so 'n ontsaglike groot tema dat ek nou nie eers by wyse van spreke 'n poging sal aanwend om dit vas te vat en te definieer nie. Maar ek sal dit nou maar vanuit die standpunt van my as skepper van die digterlike beeld probeer beskou. Die beeld is vir my 'n verheldering in die gedig. Dit funksioneer op so baie vlakke: dit kan selektief wees, dit kan aksentuerend wees, dit kan 'n onvermoede verband openbaar. Maar altyd is dit 'n verheldering van die gedagte, 'n intensifiëring van die gedagte. En as 'n digter die vermoë het om 'n beeld raak te stel, dra dit oneindig by tot die estetiese werking van sy vers. Neem nou Van Wyk Louw as voorbeeld. Hy het die onfeilbare vermoë om die abstrakte en die konkrete te verbind. Hy het bv. in RAKA met die idee van die gedagte, die denke te doen. Dan gebruik hy 'n pragtige konkretum om dit mee toe te lig:

*... ons fyn, fyn net  
van die woord, waarmee ons blink en vet  
visse uit baie waters haal.*

So kry jy dan die abstrakte begrip van *woord* en die konkrete van die *vis* en die *net* wat so pragtig in die sfeer van RAKA pas. Dit is dan eintlik waarna ek strewe in my eie digterlike beelde. Ek sal nie sê dat ek altyd, of selfs dikwels daarin slaag nie, maar ek dink as ek 'n keer 'n beeld self gevind het, wat vir my 'n toeligtig is op my basiese tema, en veral waar ek dit dan van verskillende kante kan belig, dan is dit eintlik die hele substraat wat die gedig dra. Maar ek sal nie graag reëls neerlê wat die beeld betref nie.

Berus die beeld nie altyd — die woord *altyd* is al klaar verdag! — Kom ons sê: berus dit nie meestal op die konkrete nie?

Nee, ek dink nie so nie, Coenie. Kyk, jy kry die beeld wat sterk ingestel is op die visuele, waar C.M. van den Heever praat van:

*Amandelboom, O Lentebuid  
hoe spierwit bars die blomme uit . . .*

Jy het 'n helder prentjie van 'n boom getooi in sy bloeisels soos 'n bruid. Dit is twee dinge wat volkome aanvaarbaar is. Hulle is van verskillende orde maar hulle kan bymekaar gebring word. Maar daar is ontsaglik baie beelde wat nie op so 'n duidelik waarneembare ooreenkoms berus nie. Veral dan ook die soort wat ek netnou genoem het, die abstrakte en die konkrete, en dan die sinestetiese beeld wat 'n beroep doen op verskillende sinsvlakke, bv. waar Leopold praat van die geure wat soos vlinders was. So jy moet duidelik daardie verbeeldingsprong maak van die geur na die vlinder. Die een is ontasbaar, onsigbaar, en die ander wel tasbaar en sigbaar.

Dit is juis wat ek voel. Is daar nie altyd in 'n beeld een deel wat op die konkrete rus, wat juis op die sintuie steun nie?

Dit is nou 'n strikvraag. Ek weet nie of ek dit so direk sal kan sê nie.

Ernst, jy is nou hoof van 'n belangrike departement. Jy het dus seker ook heelwat droë administratiewe werk. Hoe rym dit met die digterskap? Of is die mens en die digter by jou gelukkig versoen?

Ek dink 'n mens moet maar net op die een of ander tydstip in jou lewe besluit dat jy jou bestaan in kompartemente moet verdeel en dat jy dus as administrateur van 'n universiteitsdepartement verslae moet skryf, onderhoude moet voer, puntelyste moet opstel, vergaderings moet bywoon en dat dit eintlik niks te doen het met jou bedryf as digter nie. Maar 'n universiteitsprofessor se werk is darem nie net administratief nie. Hy het ook die prikkeling van kontak met kollegas: kollegas in sy eie vakgebied, of in ander vakgebiede op die periferie van sy vak, sê nou maar filosofie, geskiedenis, musiek en kuns. En dan skep ek geweldig behae in my doseerwerk waar ek met die lewende literatuur te doen kry en met 'n groot mate van vryheid vir my kan uitleef daarin, hóé ek die letterkunde wil behandel, wát ek aan my studente wil gee. So in daardie opsig is my werk bepaald nie steriel of nutteloos nie. Ek glo dat ek veral vir Engelsprekende studente 'n beeld kan oproep van wat die Afrikaanse literatuur aan voortrefflike kwaliteit in die afgelope dekades gewen het. Ons hele instelling by die universiteit is natuurlik uiters positief: om die jongste, die nuwe dinge vir hulle te gee wat aanpas by hulle eie lewenservaring.

Daarom sou ek, as ek 'n keuse kon maak, sê nou maar tussen Etienne Leroux en Jochem van Bruggen, liever vir Leroux kies. Maar dit wil nie sê dat Van Bruggen nie by ons behandel word nie, want hulle moet die historiese ontwikkelingslyn kry.

Is jy besig aan 'n nuwe bundel?

Nie op die oomblik nie, Coenie. Ek het 'n paar los verse wat in KOL verskyn het, maar niks verder nie. Ek het in 'n jaar of twee se tyd geen vers geskryf nie. Dit gebeur so met my. Daar kom lang periodes van volkome stilstand en dan skielik in ses maande skryf ek miskien vyftig gedigte of sewentig, waaruit ek dan 'n veertigtal kan kies vir 'n bundel.

Kyk dit het eintlik mode geword in die doseerwerk vandag om net oor die gedig te praat. Verloor ons nie geweldig daardeur nie?

Ons is deur die moderne kritiek so hok geslaan, né? om nie die psigologisme te bedryf nie en om nie die mens agter die boek te gaan soek nie, dat ek voel ons het dit 'n bietjie te ver gedryf. Vir my is dit nog belangrik om sekere kenmerke van Leipoldt se persoonlikheid in sy poësie te sien. En ek dink dit beteken vir studente ook iets (al is dit dan nie alles nie) om dit te weet. Ek sou dit so stel: dat ek in my geloof dat ons nie die inlegkunde moet pleeg nie, of dat ons nie in die gedig dinge buite die aanbod daarvan moet gaan soek nie, tog moet oppas dat die ontpersoonliking van die gedig nie by ons 'n fetisj of 'n obsessie word nie.

# Jeanne Goosen

## 'n Hart se Deursnit

Mejuffrou Ballingham bewoon drie kamers van haar eie huis. Die res het sy verhuur aan 'n lawaaierige gesin.

Sy het 'n week lank siek gelê voordat iemand iets agtergekom het. Toe sy vir twee belangrike afsprake nie opdaag nie, het hulle na haar gaan soek. Die deur was nie op knip nie. Hulle het haar siek, ylend en met 'n hoë koors aangetref. Die dokter het gekom. Sy had griep in die ergste graad. Haar longe was erg aangetas. Mejuffrou Ballingham het 'n kwaai knou gekry. Die vrou van die huis is aangesê om haar te versorg. Sy het af en toe, groot-ogig ingeloer en die kinders stilgehou.

Mejuffrou Ballingham moes aftree. Dit was 'n bevel. Vir die eerste keer het sy aan die dood gedink. Tussen die koorsvlae deur, kon sy die aanwesigheid daarvan aanvoel. Sy was oud. Vier-en-sewentig jaar. Daar was nog nooit voorheen tyd om aan dié dinge te dink nie. Daarvoor was haar lewe te vol.

Sy het goed geleef, af en toe oorsee gegaan alhoewel dit meesal in verband met haar werk was. Sy het 'n goeie inkomste gehad, maar daar was nooit werklik die tyd of die geleentheid om dit te geniet nie. Sy het gereeld, maandeliks, 'n gedeelte van haar loon gebank. Sy kon nie presies sê vir watter doel nie. Miskien het sy dit oorspronklik, gedagtig aan haar oudag, gedoen. Nou was sy klaar oud. Oud en gedaan.

Jare gelede het Mejuffrou Ballingham hierdie drie, afgesonderde kamers betrek omdat die huis wat haar ouers aan haar nagelaat het, te groot was om te behartig. Met die verloop van tyd het haar werk veeleisender geword en haar pligte meer. Dié drie kamers was vir haar genoeg om in te woon en te werk. Haar besittings het meesal uit erfstukke bestaan, waardevolle antieke meubels, skilderye en porseleinware. Sy was gewoon aan hulle teenwoordigheid, maar sy het nooit daaraan gedink om hulle van naderby te beskou of te bewonder, of om hulle waarde en oorsprong vas

te stel nie. Hierdie dinge was maar net daar. In die rakke en bo-op die kaste was stapels tydskrifte, handboeke en artikels wat haar illustrasies bevat het. Sy het nooit weer deur hulle geblaai om daarna te kyk nie. Dit was klaar, verby en afgehandel soos dit ook die geval met haar werk was. As sy die een illustrasie voltooi het, was dit verby, het sy daarvan vergeet, was sy reeds besig met 'n volgende.

Nou moet Mejuffrou Ballingham haar werk opsê, aftree. Dit het nog nooit by haar opgekom dat sy eendag werklik sal moet aftree nie. Aftree-ouderdom het lank gelede gekom en verbygegaan soos die meeste dinge wat sy in die lewe onbelangrik ge-ag het, gekom het en verbygegaan het. Sy het voortgegaan met haar werk in die Staatslaboratorium waar sy 'n anatomiese tekenares was. Dit sou moeilik wees vir diegene wat belang daarby had, om die laboratorium sonder die stil, effens geboë figuur van Mejuffrou Ballingham voor te stel: by 'n post-mortem, met 'n half afwesige uitdrukking op haar gesig, besig om die struktuur van 'n kolapste long af te neem, òf waar sy deur 'n mikroskoop plasma, bloedliggaampies of chromosome waarneem vir die illustrasie daarvan, òf besig om die skrikwekkende, byna nagmerrie-wit van spierweefsels uit te beeld.

Sy was onteenseglik deel van die laboratorium.

Mejuffrou Ballingham was 'n uitmuntende vakman, by uitstek die beste van haar soort en op hierdie introverse gebied, het sy roem en aansien geniet. Haar illustrasies het wêreldwyd voorkeur gehad. Die puntenerigste professor was slegs met 'n Ballingham-illustrasie tevrede om 'n lesing te demonstreer. Wêreldwyd het studente, tegnisi en mediese wetenskaplikes haar illustrasies gebruik, want, niemand kon die deursnit van 'n aorta met soveel presiesheid nadoen nie, niemand kon 'n orgaan, met of sonder defek, so getrou weergee nie. Maar bowenal was die noodsaaklikste daar: die feit, die saaklikheid, die *waarheid*.

Mejuffrou Ballingham het nooit nodig gehad om 'n bohaai op te skop oor kleurproewe of reproduksies nie. Sy het geweet wat sy wou hê, die enigste manier waarop dit móét wees en sy het geweet hoe en waar om dit te kry.

Maar daar was meer aan Mejuffrou Ballingham se werk as net die volmaakte tegniek wat al reeds meer as voldoende was vir die doel waarvoor dit gebruik word. By die fyn bestudering daarvan sou 'n mens opmerk dat dit dieselfde eienskappe as skeppende werk toon. Die tekstuur was meer as net die tamatie-blink van ingewandsholtes. Elke struktuur was daar, volledig met sy diagnose en prognose. Die verweerdheid, patos, hoop, twyfel, die koppige taaheid en tengerheid is in al sy elementêre werklik-

heid blootgelê. Dit was daar - in die subtiele kontraste, in die jubelende, bloedryke voorkoms van 'n gesonde orgaan, teenoor die blou en sianotiese defekte spiersak.

Dit was religieuse werk.

Mejuffrou Ballingham kon nooit weer volkome herstel van haar siekbed nie. Sy het gou moeg geword en afgemat gevoel wanneer sy vir lang rukke uit die bed was. Die dokter kon nie troos nie. Die medisyne was tydelik. Haar longe was klaar, gedaan. Sy moes rus, baie rus. Sy sou nie weer haar werk kon hervat nie. Sy moes rustig verder leef, na warmer streke in die winter gaan. Daar was 'n tyd vir alles. 'n Tyd om te werk en 'n tyd om te rus. 'n Mens se gestel is broos. Hoe rus 'n mens soos sy? Bêre jy jou verfkwasse, sketsboeke, jou potlode . . .? Dit is om op te hou lewe.

'n Hoesbui oorval Mejuffrou Ballingham. Dit pyn in haar blaaië. Opeens sien sy haar longe, net soos hulle is - grys, morbied en lughonger. En sy kyk na hulle uit alle hoeke. Die beeld daarvan groei in haar oë vas. Snaaks dat sy nooit voorheen daaraan gedink het nie, dat haar liggaam dié dinge berg waarmee sy haar hele lewe lank gewerk het. Dit duur 'n rukkie voordat die implikasie ten volle tot haar deurdring. Die gedagte dat sy self leeg kon wees, kom vir haar opeens absurd voor en sy lag. „Natuurlik . . .”, sê sy hardop teenoor haarself, „Natuurlik, dis net die dae wat van nou af leeg gaan wees, sonder ingewande . . .”

## GEDIG: 'N KORT KORT DRAMA IN DRIE DUISEND BEDRYWE

*'n Nuwe pyn*

*is handleiding vir 'n nuwe styl*

Om vir 1970 'n drama te fabriseer

verhinder niks my

om 'n leidraad of tema by dekor te soek

Dus mag ek op my vragmotor 'n dorp aanry

met vuurspuwende berg en begraafplaas kompleet

of — 'n vreemde planeet —

'n Dekor mag selfs 'n hoofrol kry

maar Ionesco se stoele het reeds suksesvol gepraat.

Hulpmiddels?

Musiek of die reuk van rot-Kohl?



Nee — ook vernuwing is nou 'n verouderde begrip!  
Om die aksent terug te skuif op die dramatiese woord?  
Taal het trefkrag verloor  
gehoorsaam 'n aparte wet van klank en konvensie,  
bly onherroeplik gebind aan eie assosiasie,  
is hoogstens geslaagd om komplote  
met 'n slim ge-abracadabra  
kinders buite-die-eg,  
oorlog, honger, pyn,  
of sluipmoord  
rymsgewys  
te verwoord . . .  
(Dié wanhoop is WAARHEID)

Vir 1970 'n drama  
en die gordyn gaan komieklik-ouderwets oop  
op die eerste bedryf:  
Slaapkamer gemeubileer in geen besondere styl:  
bed stoel tafel glas met water radio —  
man in bed . . .  
en begin ek saam, speletjies improviseer:  
ek mag Homo Sapiens enigiets laat doen:  
water drink,  
die radio aanskakel,  
of uit die bed laat opstaan,  
maar om in aanmerking te neem —  
'n geslaagde drama gehoorsaam die gehoor en die dekade  
en die gehoor het reeds besluit:  
man bed rym met siek  
en Tydperk voorsien vanselowers 'n diagnose  
dus moet my Skisofreen van hier af in sy spore trap  
want selfs om stil te bly  
is resessief simptoem.  
Maar elke dramaturg moet  
altyd  
iewers  
en . . .  
onverwags — 'n verrassing hê —  
en op versoek fluister my souffleuse  
,gil' . . .

Die gordyn sak op die eerste bedryf.  
Tegniekewys begin die ontknoping nou,  
of anders : beskryf  
die inleiding tot die ontknoping  
en word  
slaapkamer vervang met gestig,  
maar sonder tralies, sel of dwangbaadjie :  
Die dramaturg moet immers by die waarheid bly —  
Wetenskap het ALLES onder beheer  
en in die gestig  
word siekes toegelaat  
om normaalweg voort te leef.  
En so vlug die held van blote verveling  
aan die einde van die tweede bedryf.

#### APPLOUS

Gestig word met straat vervang,  
behuis met posbusse, sakemanne,  
viswywe, Volkswagens en apteke.  
Vir die derde bedryf  
kieë ek my spelers uit die gehoor  
om vry en sonder voorskrif  
op die verhoog na dié ontknoping te soek.  
En so gaan die bedrywe nimmereindigend voort  
tot elkeen homself  
mettertyd  
tussen dié dekor verloor  
want slaapkamer, gestig, straat  
is een begrip

Gelukkig is die dramaturg  
net so doodgewoon  
dus genadig  
en sterf elke speler  
in die drie duisendste bedryf  
aan die een of ander griep  
of kanker . . .

# Louis Eksteen

## MEMENTO MORI

Totius lê so mooi begrawe  
daar langs Mooirivier  
en Leipoldt se as is uitgeskud  
ver ver van hier

Celliers se graf blink in sipresse  
Marais hoor die tortels nie meer  
ou Visser se Heidelberg lê stukkend  
langs die grootpad na die see . . .

Ja, die dae is verby  
die outyd lê en rus  
toe die digters nog woorde kon vind  
met rym 'n gekerkte kind.

Mooi lê die graf langs Mooirivier  
lê Clanwilliam verhul in die berge  
maar kan ons hulle nog vind  
hier in die land by sipresse  
of in as langs 'n ghnarrabos by verpoeierde kranse?

— hulle is almal mooi begrawe  
fyn wit poeier in die grond  
langs Mooirivier of by waboomkranse  
of onder die skerfies lig van sipresse  
waarin tortels koekkoer . . . koekkoer . . .

## RUSDAG

Uit die vaal newels van 'n Sondagmôre  
kom daar die groot grys beeste van verdriet.

My rooi land lê onder stof na ploeg  
met die groen strepe van die bome in die lug  
soos verdorde feë aan die dans in die rooi poeier van die stof  
en agter die rante staan hoog en grys  
die beeste van verdriet

hulle trap en snuif in die rooi stofgrond  
kom nader oor my lande waarin sade widdood lê  
en lê en lê in poeier van die grond  
trap en snuif oor my huis onder die bloekoms  
wat vaal stamme die lug inslinger, téén die blou-bearde lug  
wat leegtes maak vir  
my vaal beeste van verdriet.

My windpomp draai gellings fyn strale water uit die roggelpyp  
diep onder die klipbanke van die onderrots  
en streep 'n nat spoor soos van 'n voël  
deur die rytjies groente in my akkertuin  
die vaal beeste van my droom  
gooi spore oor die grond en trap die water  
plas en bulk en snuif die ou lug  
agter die newels van my grys verdriet.

Ek hoor die krys van my beeste  
sien die spore stof word in die stof  
ver agter die rante om my erfgrond  
styg beeste in die lug en druk hulle hoeve  
teen die newels van my môre vas.

Oor die land se stof en grond kom daar  
die groot grys beeste van verdriet.

# Hélèna Kesting

## Ek dink aan Preciosa

Aanvanklik was ek ongeesdriftig om daardie naweek saam met ou Doktor en sy vrou na hulle strandhuis op Soetwater te gaan. Ek is baie lief vir ou Doktor en sy vrou maar ek was apaties daardie keer. Jy wou graag gaan, en ek het mee gegee. Sou ek nie, weet ek: êrens, ten opsigte van myself, sou 'n kortsluiting plaasvind.

Jy en Doktor en ou Jimmy is vroeg Saterdag na die riviermond om kolsterte uit te trek. Ek sou later kom.

Die grabbelvoetpad met die rivierwal langs, onder die nabome deur, is die kortpad na die mond. Daar is loeries in die nabome en skitteringe oor die rivierwater. Waar die grabbelvoetpad sand word en verbreed, piekniek naweekgangers teen die helder water en anderkant die eerste swemplek doem dorpies duine. Ek hardloop teen die sagte steiltes uit en anderkant af. Uit en af, in die bloeiende semelsand.

Wit voëls vlieg laag oor die water links, stadig ritmies flap hulle vlerke, impuls uit die onbekende vloei van lewe.

Onder in die voetpad strompel 'n logge figuur, eensaam stram, in die rigting van die piekniekgangers.

Waar die waters kruis, skuim die riviermond wit. Julle visstokke rus op mikke, duskant die wit. Jy en ou Doktor staan rond, filosofer oor kolstertneiging en hou die stokke met arendsoë dop. Ou Jimmy sit vars aas aan, wikkkel kraaineste los. Die water is donkergroen in die hart van die mond waar julle vang, vol van die môre se geheime visse.

Ek stap verder strand af, in die klam hoogwatersand, tot waar die groot branders breek. Waar ek sit is geen stemme hoorbaar nie, maar in die verte sien ek julle silhoeëtte. As ek my oë na die diep branders keer, bly jou silhoeët tussen die watersterre dein.

'n Speelse wind pluk aan my bloes, lig my hoed op en laat 'n duinspits guttig borrel dat ek lag. Ek dink aan Lorca se Preciosa en die Windman wat haar met sy brandende swaard agtervolg, Sint Christophorus wat haar klere wil lig sodat die blou roos van haar maag in sy ou-ou vingers oop kan gaan. Die see se tromme dreun voor die blou wind uit.

Die glim van 'n skaduwee raak my en ek kyk teen logge enkels, 'n bebloede toon en die swaar lyf van die figuur wat ek in die voetpad deur die duine opgemerk het.

Dis 'n jongman, en sy gesig is groot en sag. Hy groet selfbewus. As ek teruggroet, vra hy of hy 'n rukkie mag sit.

Die wind skep 'n handvol sand en strooi dit geniepsig rond.

Ek het gekom om na die see se tromme te luister en die watersterre te sien verskiet.

Die kleurlose oë in die groot gesig lyk verleë, met die verleentheid van 'n hond wat dikwels verwilder word en altyd sy verwilderaars se hande lek.

„Sit gerus, dis pragtig hier. Is u van dié wêreld?”

„Nee, van die Transvaal.” Hy praat huiwerend. „Ek kuier by my broer in Groenburg. Ons het net vir die dag hierheen gekom. Hy en sy vrou en twee kinders en ek.” Op my onuitgesproke vraag antwoord hy: „Ek werk en kuier tegelyk, want ek doen vakansiewerk by die bandfabriek in Groenburg. Ek is student in Pretoria, het vanjaar B.Comm. afgeskryf.”

Verras verneem ek: „En volgende jaar?”

„Ek dink daaraan om Honneurs te loop, voltyds of buitemuurs, maar ek weet nog nie.” Hy kyk my onseker aan. Die moedswillige wind maak 'n skerp draai vlak voor sy swaar liggaam, smyt sand in sy oë. Die groot gesig is reeds rooi gebrand. Hy lag verleë en vryf met lomp handbewegings die sand uit sy oë. „Ons Transvalers kan nie gewoon raak aan hierdie windwêreld nie.” Die wind kom weer verby, ruk my hoed af en laat sandfonteine spuit.

„Hier agter tussen die duine is dit stiller, ek was netnou daar,” sê hy aarselend, en ek voel die skurwe tong van 'n hond wat my vingers lek. Sou ek genoeg neem met sy leiding na 'n skuilplek tussen die duine sal die stert ook waai. Ek sien die weersinwekkende liggaam en die verleë oë en kry seer van die skoppe waaraan hy gewoon is.

Tussen twee hoë duine, in 'n gleuf waar die wind skaars voelbaar waai, gaan sit ons. Hy praat makliker, vertel dat hy vir die Kersfees huis toe gaan met 'n geleentheid. „Maar wat moet ek doen”, vra hy byna dringend, „Volgende jaar buitemuurs of voltyds studeer?”

Ek dink 'n oomblik na om die dringendheid in sy stem te peil, dan trek hy my aandag met 'n handgebaar na links.

Asof 'n sterk windarm jou pragtig op die kruin neergesit het, staan jy daar op die duin reg agter ons, hande op die heupe, die blou lug wyd rondom jou. Ek wink en roep dat jy af moet kom. Maar jy bly staan. En toe sien ek jou oë. Ek spring op en jaag met die wind teen die duinrug uit. Jy draai vinnig om en hardloop voluit. Die wind brand my oë en mond, maar

dra my. Ek gryp aan jou arm: „My liefeling! Is jy van jou sinne beroof? Hy is 'n arme verstote hond, jy moet sy liggaam sien.” Maar jy ruk jou arm los, hardloop 'n ent, en stap dan stadig tot waar jou visstok in die mik staan.

Doktor en ou Jimmy het elk 'n kolstert gevang, Doktor so pas syne. Ek gaan sit op my hurke by die vis, uiter opmerkinge van waardering. Maar my hart rus op jou oë. Jou oë hou die duine dop, tot die swaar liggaam eindelijk verskyn. Dit val my op dat hy vinniger, veerkragtiger beweeg. Dan sluit hy hom, hoër op langs die strand, by 'n man en vrou en twee kinders aan. Hy speel met die kinders.

Ek gaan staan langs jou en neem jou hand. Jy laat dit stil in myne klop. Watersterre verskiet in die donkergroen voor ons.

## Annelize Morgan

### 'n Besef

Openbaring  
het voor my geestesoog  
helder oopgevelek gelê  
en soekend na 'n uitkoms  
of 'n antwoord  
het ek 'n Kruis gebreek  
en geweet  
dat my Hemel  
nou tydelik was.

### 'N NUWE GENERASIE

Die mensdom  
het sy God  
tussen rye swyende grafstene vergeet.  
Kruise  
met lanfer toegevou —  
'n Bybel gebeitel in klip —  
more  
sal die duif  
sy takkie na die grafte bring.

# Marie Viljoen

## Dooimansdeur

### GISTER

aljimmerge gister  
jou vat het gelos  
wég jou seermaakdistel  
leeпоог in die haak-en-steekbos

tot siens  
my gister  
eergister

\* \* \*

gister klop aan dooimansdeur  
vandag soek die seimste ding  
môre blo 'n ander keer  
en die einste  
dié kom nimmerweer . . .

### KOKKEWIET

wou nog kyk  
hoe gister se seermaakdinge lyk :  
die hart die ken sy eie stryk  
die liefde loop al ander pad  
die pote slaan 'n eie draf  
wat so aan die oormôre vat

\* \* \*

wég is vergeet-my-niet  
hoentoe dooi die verdriet  
gister praat van kom-terug-assebliefies



môre  
o môre  
lag 'n lag van goudgeel madeliefies . . .

\* \* \*

karalie  
karool  
die hart speel bly viool  
oë soek die môreaand-se-maan  
liefhê en die weglooppad dans saam . . .

\* \* \*

vashou vandag se koringblom  
gister was dit kruidjie-roer-my-nie  
môre dalkies duiwelsklou  
en annerdag ken niemand nie . . .

\* \* \*

seerkry speel sy eie speel  
van vergeet  
o vergeet

nuwe dinge roep 'n bokmakierieroep se geel

maar weet  
o weet  
my liefde spel van gou-vergeet  
soek alreeds 'n dieper geel . . .

\* \* \*

anys-patrys  
en fisant  
lag hul lag aan die waterkant  
koggel-koggel die kokkewiete  
want kyk  
o die lewe lê óóp  
in velde vol wit magriete . . .

# Vincent v.d. Westhuizen

## Bonnie & Clyde

*vader,*

Ek, het na my en Ursula gaan soek  
straat op, straat af en by die Griek se hoek  
waar pinballs klikker en die werppyl suis,  
tot in die blaai van 'n comicboek,

*ons*

en vind my op die voorblad van 'n fotoroman,  
dooierus oor 'n suikerkan,  
swart oogklap en al (jy, natuurlik, verpleeg)  
of soos Tarzan, die Skim of Skankwan

*van die duine,*

met Zorba se eensame dans teen die see  
of 'n kraalbeen-Mapogger voor die Griek se kafee,  
want dis Saterdagavond; daar's 'n jol in die hel  
en 'n bop-advertensie voor elke hotel.

*flora*

Ek weet jy loop graag somers kaalvoet  
met blomme op die voet se brug,  
maar nou deur die loergat in jou rok  
is daar ranonkels op jou rug —

*by wyse van identifikasie?*

want ek soek jou, Ursula, in elke korf  
waar angels afgeskud lê, en amorf  
die selle liberaal word van die soet,  
die angels sekels word. En Loginoff . . .

*Plus-minus*

Fliekkafee, Jantjie Muis, Jakob Slang —  
die Kossak se perd byt sy stang;  
iets ruk teen my sluk soos jou kus,  
en die bio bly kierang-kierang.

*maar afgesien van rang*

stap 'n konstabel nader en verneem  
roetinerig wat skuil in ons sisteem  
dat ons teen twee-uur nog nie huis toe gaan nie,  
voor hy die oggendblad teen agt sent neem

*(die beeld)*

en lees : Daar het 'n pawiljoen gestort  
by gistermiddag se roetinesport,  
en lees te laat dat elkeen van sy soort  
na hierdie Aberfan georder word.

*epog*

En wragtigwaar, op tagtig jaar —  
emansipasie vir die paar  
wat nog teen drie-uur in die straat  
wil kaalvoet kierang en baljaar!

*maar sesuur sondag*

roep kerkklokke die sondaars na die mis —  
getuienis en dalk vergiffenis  
in konsistories, of voor die gemeente,  
maar nou : 'n hoed wat in die mode is?

*hoede oorbodig*

laat dink my mos aan daardie wit moskee  
wat ons met naakte voete moes betree,  
ons hande skoon, ons neuse rein gesnuit,  
om liefde van die toring op te skree.

*maar*

my liewe Ursula, my digterskind!  
Die hele naweek het ons saam gebind  
en Maandag steek sy sleutel in ons slot.  
Ons het mekaar, helaas, toe nooit gevind!

*tog*

sal Zorba dans teen 'n verlate see,  
en die kraalbeen-Mapogger voor die nagkafee,  
geduldigitmies tot aanstaande week  
se Saterdag — ás jy die jawoord gee.

## *Edrich De Villiers*

### REMEMBRANCE

Eers toe ek my hande  
om die warm klip vou  
en ek agteroorleun  
en my oë toemaak  
en alles vergeet,  
toe onthou ek jou . . .





# Olga Kirsch

## Verse van Leah Goldberg

Wanneer daar tussen ons oprys soos 'n muur  
die klein beledigings wat ons eens verswyg het,  
as alle bitterheid uit die hart gestyg het —  
seerplekke eens in swygsaamheid verduur;

as neergeslane blikke skuld verberg  
oor bouse drome waarin ons verskroei het,  
en vreemde liefdes wat vir ons gebloei het —  
distils en dorings oral langs die weg;

wanneer ons vreemdeling teenoor vreemdeling staan,  
ontroof aan toekoms — deur wat was, verraai,  
hoe sal ons oë hul wanhopig draai  
na al wat lank bekend was en vergaan.  
Na daardie dag se ryke reënboogtint  
sal ons ons hande strek, om niks te vind.

\* \* \*

\* Leah Goldberg is Litouer van geboorte. Na haar studie in Berlyn en Bonn word sy in 1935 joernalis in Palestina. Van 1952 af doseer sy letterkunde aan die Hebreeuse Universiteit, Jerusalem. Met haar dood, in Januarie 1970, was sy hoof van die Departement Vergelykende Letterkunde aan dieselfde universiteit.

Sy is een van die belangrikste digtersfigure van die moderne Israel en het 'n groot aantal digbundels en prosawerke die lig laat sien. Die gedigte wat hier verskyn, kom uit die bundel *Vroeg en Laat*. Kopiereg berus by die uitgewer Sifriat Poalim, Tel Aviv, Israel. Geen gedig of fragment hiervan mag herdruk word nie.

Olgan Kirsch is tans verbonde aan die Weizmanse Instituut van Wetenskap in Rehovoth.

Vandag herinner ek my jou kinderjare  
asof met eie oë ek hul aanskou het,  
asof hul binne-in my aangehou het :  
hulle my stam, my liefde kruin en blare.

Alleen jou moeder kan ek nie goed gewaar :  
in haar swart rok van sy wat saggies fluister  
vervaag sy en ontwyk my in die duister,  
raaisel van milde leed steeds onverklaar.

Maar soms hoor ek haar stem wat klink vanuit  
my eie : In wanhopige gepleit,  
in „slaap gerus”, in teer bekommernis

hoor ek jou moeder se stem en kan ek gis  
hoe groot haar liefde en haar skugterheid.

## DUIWE

Hoe bleek is hierdie uur, vergoud en traag.  
Die laaste windjie het sy seil geplooi,  
en duiwe daal om by die kuil te rus,  
ondraaglik in hul ewigheid, vermoei.

Die wolke volg mekaar, die dag vertrek  
na sy hoë klooster, donker elke boom.  
Alleen die duiwe sit nog, hoof naas hoof,  
soos 'n ou paar wat oor 'n gedenkboek droom.



C. F. Rudolph

## Die moeder en die kind

Net voor sonder het die offisiertjie met 'n paar kakies op die werf aangery gekom. Die vrou en die dogtertjie het net klaar gemelk gehad en uit die populierbos gekom waar hulle die koei in die spuitjie versteek het. Hulle het deur die afgebrande mielieland gestap, hulle oë op die grond gerig, soek-soek na halfgebrande mieliekoppies om koffie van te maak. Toe die dogtertjie die kakies sien, was dit klaar te laat om die emmertjie melk weg te steek. Hulle moes maar net so aanstap.

Die offisiertjie het so 'n dunlip-mond gehad; bleek en met witterige baardstoppels. Die vrou sien dit, dink aan 'n slagyster, aan 'n seun . . . Toe glimlag hy.

„Hierdie mannetjie kan nie gesag dra nie; dit skaaf hom rou,” oordeel sy. Agterna kon sy nog onthou hoe sy gewonder het watter soort vrou hy vir 'n ma moes hê. Nou die anderdag was hier ook so 'n groepie wat net verwoesting gesaai het, die paar hoenders en ganse doodgemaak en net so laat lê het. Sy dink aan die armoedige besittinkies wat oorgebly het. Sou hulle nou dié ook gaan stukkend skop? Ook die ou buffetjie met sy langwerpige spieël? Stadig begin 'n giftige prikkeling deur haar liggaam sprei. Haar mond voel droog. As sy doelbewus begin aanstap na die werf voel sy 'n kil woede; sy weet sy sal hulle vernietig as sy net kan.

Sy wil die huis ingaan as die offisiertjie voor haar inry. Hy sit slap, sy hande voor hom op die saalboom - blekerige hande, fyn soos 'n vroumens s'n.

Agter sy glimlag sien sy hom tande wys, soos 'n dreigende dier. Hy kyk na die emmertjie melk in haar hand, praat kortaf met twee van sy manne. Hulle ry na die populierbos.

„Waar sal ons môre melk kry?” dink sy.

Een van die tommies probeer met die kind 'n speletjie aanknoop. Die kind bly skugter, skrikkerig. Hy hou 'n blikkie konfyt na haar uit.

„Hannie, jy vat dit nie. Daar kan gif in wees,” sê die moeder skerp.

Haar stem klink vir haar self verspot skerp. Maar haar oë bly op die witbek-offisier-tjie.

Die ander tommies is in die huis besig. Verweg, met iets soos medelye, hoor sy hoe 'n swaar voorwerp val en hoe glasskerwe rinkel en in die yskoue aandlug splinterig breek.

„Dis Ouma se buffet,” dink sy. Maar voor sy kon omdraai om die plundering te probeer keer, trek 'n paar borde deur die venster, 'n handvol messegoed en Ouma se ou lampetbeker. Dis klaar te laat. Gelate weet sy dit, al bly die woede in haar wit kneukels sit soos 'n pyn.

'n Paar tommies kom uit met 'n outydse tjalie. Hulle span dit oop. Een met 'n skêr sny dit in onegalige repe. Liggies neurie hy daarby, swaai hy die skêr gemaak-deftig. Die skêr wond haar. Sny diep binne in haar dinge los wat liever heel moes gebly het.

Nou verdeel hulle die repe van die tjalie. Een bind 'n stuk om sy lyf, nog een gebruik dit as 'n soort hoedband om sy helmet. Hulle lag en skerts. Die offisier-tjie kyk na die klein kombuisie wat van ou plate en populier-latte aanmekaar getimmer is. Die offisier-tjie wil weet wie die kombuisie gebou het? Hoekom is sy nog nie in die kamp nie? Wie se dogtertjie is dit? Wie se koeie is dit? Hoekom is net die helfte van die huis verbrand?

Sy verstaan die taal ook maar moeilik - hy praat ook so tandeopmekaar dat mens skaars kan hoor wat hy sê. Hy kyk na die ondergaande son en roep sy manne bymekaar. Sy stem is dun, winters soos 'n kaal wilgertak.

„Ons sal jou môre kom haal . . . kamp toe,” swiep sy stem.

„Nee dankie. Ek bly waar ek is.”

- Here, hoe bly mens in 'n murasie? Dáár is miskien komberse, matrasse, praat die twyfel in haar.

„Kry jy nie koud hier in die murasie nie? Dis winter.”

„God se winter is genadiger as julle Engelse se tente.”

„Ek stuur môre 'n trollie. Jy mag een kis met klere saamneem. Niks meer nie. En dis uit genáde wat ek dit toelaat!”

„Wáttter klere? Dié wat jou soort genade anderdag in die huis verbrand het? Dié wat jou rowers daar om hul helmets gedraai het?”

Die offisier-tjie luister nie na haar nie. Hy haal 'n blikkie vleis uit en gooi dit vir haar.

„Dé, hier is kos vir die nag. Môre tienuur is die trollie hier. Jy moet gereed wees.”

Hulle ry weg. Die aandson is rooi teen die perde se flanke. Die koeie bulk en draf verwilderd voor hulle uit, wil kort-kort terugdraai populierbos toe.

Die vrou kyk hulle agterna. „Die witbekkie,” dink sy, „hy hoort nie hier nie. Hy het nog ’n ma se sorg nodig, en hier besluit hy oor mense se kom en gaan of hy ’n godjie is.”

Hulle ry op ’n kakiedraf af spruit toe. Dis leeg, baie leeg en seer in haar. Sy het nie eers só ’n seun nie. Sy het niks. Net klein Hannie, en dié is nie uit haar gebore nie. Die kind hoës en sy besef skielik dat sy dwarsdeur alles die kind se hand styf in hare gehou het.

Nou gaan sy die huis binne en kyk na die verwoesting: die paar stoele wat uit die brand gered is, die portrette, die ou wakis - alles is op ’n hoop gesmyt. Borde lê in skerwe oor die grondvloer, ’n sopkom lê middeldeur, die riempiesmat wat as bed gedien het, se riempies is afgesny. Die verebed se hoek is oopgeskeur maar gelukkig nie te veel uitgeskud nie. Hannie kom binne met die oorblyfsels van die tjalie, ouma-grootjie se tjalie. Dit was so ’n mooi ding - sy, met pers en goud. En al soveel jare word dit so sorgvuldig opgepas. Die swaar gister, die lang trek van die Kolonie na Natal, die siele-angs langs Onderbroekspruit dié nag toe Ouma gebore is . . . daar sit mos bloed en trane agter dié tjalie.

Miskien is sy kwaad uit magteloosheid, ’n diep behoefte aan wraak; miskien skuil daar onder die woede iets soos ’n giftige haat. Maar dan begin sy saggies huil. Dis of die trane dit binnekant koel maak. Sy huil tot dit stil word in haar. Stil en seer.

Van die spruitjie se kant hoor sy die tarentale nes soek. Bankrot! Bankrot! - asof slaapplek vir die nag die enigste probleem is.

Dan hoor sy skote: een, twee, drie, toe vier of vyf kort namekaar. Sy loer by die venster uit en sien ’n paar van die tommies na links jaag. Drie of vier perde hardloop ruiteloos die vlaktes in. Die offisiertjie se witte ook. Nog ’n paar skote.

Sy staan by die venster en wag . . . Die angs wyk stadig, baie stadig. Die wilgers is swart teen die westerlug. Daar sit ’n paar tarentale in die hoogste takke, soos swart vrugte van die winter. En dis baie stil, asof almal doodgeskiet is, asof daar niemand meer lewe nie. Die dood hang oor die aarde. Al wat oorbly, is hierdie diep hartseer. En nog dieper as pyn die behoefte aan wraak.

Sy gee die kind ’n bekertjie melk en begin dan die rommel opruim om darem vir die nag ’n slaapplekkie te maak. Sy is nog hiermee besig as sy perdepote op die werf hoor. Die vrees kom lê weer yskoud om haar hart maar die wete dat wat moet kom onafwendbaar is, laat haar maar na buite stap. Dis ’n jong boerseun.

„Tannie, ek het die koei teruggebring. Maar my maat is gewond. Kan ek hom maar hierheen bring? Sal Tannie vir hom kan sorg vir die nag?”

Sy wil glimlag en dankie sê vir die koei se terugbring, maar sy dink aan die gewonde maat, aan hierdie man met sy oop gelaat en sy kosbare lewe wat hy sommer so gaan staan en waag het om haar 'n nietige koei terug te besorg.

„Hoeveel is julle?”

„Dit is net ons twee, Tannie.”

„Dink julle julle lewens is vir hierdie land so min werd? Julle kan mos nie julle lewens gaan waag vir sulke bog nie.”

Sy glimlag ontwapen haar, sy seunsglimlag en sy ongeërgde stem: „Ag, Tannie, ons ken mos die wêreld hier rond. En voor hulle kon skade aanrig, het hulle al klaar gevlug.”

'n Bietjie later stap hulle deur die skemer af na die spruitjie om die gewonde maat huis toe te bring. Hy self kan nie die nag oorbly nie. Hy het 'n dringende rapport vir die kommando êrens oorkant die rivier. Hulle moet maar gou maak dat hy kan vertrek.

„En dan waag julle dit ter wille van 'n koei . . .”

„Tannie, ja, ons moes dit nie gedoen het nie. Ek weet nou dit was verkeerd. Maar ons kon ook nie sit en toekyk dat hulle maar vat en wegja nie.”

Hulle kies sommer kortpad na waar sy weet waar die drif moet wees. Halfpad soontoe hoor hulle 'n gekreun. Dis die offisiertjie wat daar lê. Hy het die skoot 'n end onder die sleutelbeen deur. Die ou bitterheid wil-wil opstaan en haar hard maak. Hy is haar vyand. Anderkant hom lê iemand dood. Die tommie wat die tjalie versnipper het. Sy helmet lê eenkant, die stuk tjalie nog daarom gedraai. Die offisiertjie kreun.

- Goed so! wil die wraak in haar sê. Sy swyg. Kyk hom net aan. Koel. Dan voel sy hoe die wrok stadig wyk vir iets weldadigs en warm. Hy herken haar. Sy herken die seun in hom aan die wit mond wat nou vreemd van die pyn iets soos 'n grynslag kry. En weer voel sy: hy hoort nie hier nie. Hy behoort nog te leer, hom voor te berei vir die lewe. As sy by hom kniel en die wond ondersoek, praat sy soos met 'n eie kind. Sy stel hom gerus, kalmeer hom, verbeel haar byna dat sy namens 'n moeder in Engeland die blonde hare terugvee van die hoë voorkop.

Die burger by haar is stil. Hy staan eenkant, woordeloos, byna vyandig stil. As sy opkyk na hom, sien sy die treurige trek om sy mond.

„Het jy hom geskiet?”

Die burger knik net, en draai dan weg asof hy skaam is vir die offisiertjie se oë.

„Tannie, ek gaan solank my maat haal.” Hy stap weg, byna oud, byna geboë onder die las van die brokkie dood wat hy uitgedeel het.

Sy belooft die offisiertjie dat sy hom later sal kom haal huis toe en stap

drif toe om haar eie mense te help. Die winterluggie byt reeds aan haar ore, sy probeer haar hande in die voue van haar rok wegsteek. Die gras is wit en droog. Sy hoor dit kraak onder haar voete, voel die winter soos 'n ysdun lagie. Jy hoef dit net deur te trap en die dood lê daar gereed soos 'n diep water om in weg te sink.

Die gewonde boertjie wil niks weet van hulp nie. Die rapport moet afgelewer word. Die rapport is belangriker as sy af been. Hulle sukkel met hom aan huis toe tot hy botweg weier om verder aan hulle skouers te hang.

„Klim jy op jou perd en bring die rapport weg, Man. Dis die beste wat jy kan doen. Ek sal nou self regkom. Die tannie kan my mos help.”

As die perdepote wegsterf, buk sy weer en help hom orent. Sy roep huis se kant toe tot die dogtertjie in die deur verskyn.

„Kom hier, Hannie. Kom help die oom.”

„Is dit tannie se dogter?”

„Ék het nie kinders nie, Neef. Dis 'n aangenome dogtertjie. Maar dis soos my eie. My broerskind.” Waarom dit juis nou uitlap? Sy beveel die kind om in die een hoek 'n lêplekkie reg te maak terwyl sy iets soek om die offisiertjie mee te gaan verbind. Daar is geen lakens nie. Die het met die brand anderdag in die slag gebly. Amper is sy bly daarvoor. Maar sy veg teen dié vernederende haat. Daar is net 'n ou nagrokkie van Hannie wat sy kan opskeur vir verbande. Sy neem dit half liefderik, soek in die dowwe lig die stekies wat sy met soveel sorg gewerk het - háár handewerk.

- Here, wat het ons gesondig dat ons ons eie kinders moet beroof om ons vyande te help?

Maar sy stoot dié gedagte weg soos 'n vuil ding en skeur die rokkie se breë soom af. Dan stap sy die donker in, af spruitjie toe om te kyk wat sy vir die offisiertjie kan doen.

Die koue dring deur haar verslete klere. Sy stap met die bondel verbande om haar hande en treur oor die feit dat sy die nagrokkie moes stukkend skeur. Hannie kon dit snags aangetrek het om die koue te help buite hou. Sy kon vir haar man 'n onderhemp gemaak het. Here, wat moet hulle nie verduur op die Hoëveld in Junie nie! Net so met jou broek en baadjie en 'n verslete ou hemp in die ryp gaan lê en slaap. En miskien slaap jy, en miskien jaag hulle jou nanag op om weer te vlug.

Waarheen vlug 'n mens as daar duisende om jou is? Waarheen vlug sy môre as die son opkom? Kamp toe gaan sy nié. Al moet sy en die kind weer onder die hol wal in die yswater sit, maar kamp toe nié.

Dan onthou sy die witbek-offisiertjie, die borde wat deur die venster gesmyt is, die tjalie wat so nodeloos stukkend gesny is, die witbekkie se vermetele glimlag.

Vannag het sy die keuse om hom te laat boet vir haar volk se smarte, om al die ellende en vernedering te wreek. Sy kan hom laat smaak hoe dit voel om vingeralleen teenoor die dood te staan. Maar dan is sy reeds by hom waar hy in die kort rooigras lê en bibber van die koue . . . of van die pyn.

Sy hoor hom snik, miskien van pyn . . . Of huil hy, dink hy aan sy moeder?

Sy kniel by hom, praat saggies en vertroostend asof dit háár kind kan wees. En dis of die koue van buite weggaan, of daar in haar 'n warmte kom wat die winter nie ken nie. Sy gee hom eers water, laat hom gemakliker lê; en sy dink aan sy moeder, bid stilweg dat die moeder daar ver tog nie bekommerd moet wees nie.

„En, Here, laat ons nie haat nie. En gee dat die dood ons nie onverskillig maak teenoor die lewe nie. Here, behou ons siel.

Laat ons aanhou met glo . . . ook in U liefde.”

Die offisiertjie se skraal hand soek hare en druk dit teen sy lippe.

„Thank you. You're the kindest woman I know. And please forgive me, and my country. Forgive! . . .”

Sy maak hom stil soos 'n koorsige kind. Sy bemoedig hom, dwing hom om orent te kom, help hom moeisaam op die been en begin aansukkel huis toe. Sy het nog nooit 'n kind van haar eie leer loop nie, nou help sy hierdie vreemdeling. En met elke treetjie is sy bly, voel sy hoe syself leer loop, of die Here haar lei langs 'n vreemde weg. Ai, sy het amper gehaat vannag!

Toe struikel hy, en hulle val albei. Hy hoes, en sy hoor hoe die long sug deur die oop wond agter die blad, hoe dit sy lewe wegsug in die koue naglug.

Dis of sy die huis kan sien waarin hy groot geword het. Daar is 'n moeder, ook blond soos hy en met blou oë. En sy glimlag vir die seuntjie wat by haar knie staan, sy speel met 'n bal en laat hom met lomp handjies vang na 'n voorskoot, sy huil as hy die eerste keer skool toe gaan, sy huil as hy op die skip klim om mense te gaan doodskiet. Sy huil, sy huil. Die moeder huil. En vannag huil sy vir dié arme moeder wat nie hier kan wees nie waar haar kind gaan sterf! Hoor hoe sug hy deur die wond.

Sy laat hom so gemaklik moontlik lê en gaan huis toe. Die burger en Hannie is reeds besig om by 'n vetlampie se lig sy wond te reinig.

„Sal julle hier regkom, Neef? Ek wil maar die Engelsmantjie gaan help.”

„Dink Tannie die vent verdien dit?”

„Hy sal dit nie meer lank maak nie, Neef! Ek kan hom tog nie so alleen laat sterf nie.” — Asof sy haar self verdedig, dink sy agterna. Dis mos nie nodig nie. Of het die oorlog met die maande se ontbering haar al skuldig laat voel as sy menslik wil wees? Daar is ook so baie onmenslikheid, asof

almal êrens gewond is. Ook môre vroeg weer sal sy onmenslik hard moet wees as sy nie kamp toe wil gaan nie: Hannie moet uitdwing in die wittergerypte veld, of weer in die koue spruit in, voor die trollie kom om hulle op te laai. Maar vannag kan sy nog moeder wees.

En terwyl sy gereedmaak om weer na die sterwende te gaan, knaag die onrus in haar: jy probeer moeder speel omdat jou eie skoot gesluit was. Dis nie alles Christelikheid wat jou buitentoe jaag nie.

Êrens vind sy 'n stukkie kers, haar enigste, en sit dit in 'n ou lantern. Dan maak sy koffie - regte koffie van 'n bietjie wat sy op die muurplaat weggesteek het in 'n blikkie onder 'n klip, en draai die kannetjie warm toe in 'n stuk goiing en gaan weer die nag in.

Die sterre is so helder of hulle plukbaar naby is. Die gras kraak onder haar voete. Winter! Dun yslagie oor die diep waters onder. Die offisiertjie lê vannag op die yslagie. As dit kraak, vat die waters hom. En hy kry 'n kruisie en 'n nommer op sy graf, en sy moeder . . .

Sy het moeite om hom in die donker te vind. Dan hoor sy die sagte gesug, êrens voor haar in die nag. Sy loop asof sy na die wond soek, of die wond al is wat nog bestaan. Dit en die seer in haar, die droefheid oor iemand wat sy eintlik moes haat.

Die windjie speel met sy blonde hare, streel met yskoue vingers oor sy beswete voorhoof. Die offisiertjie mompel, noem name en plekke wat sy nie ken nie. Sy wil hom warm koffie gee, maar hy kan nie meer drink nie, weet nie dat sy by hom is nie.

Sy wil met hom praat, wil hom 'n naam noem maar voel magteloos teenoor die groot onbekendheid voor haar. Sy lig hom orent, laat hom in haar arms lê en praat met hom asof hy kan verstaan :

„Jy moes nooit weggegaan het nie, Seun. Maar dis mos julle mans se geaardheid, nes 'n mak wilde-eend. Altyd weg van die huis af. Moeder kan maar smee en pleit en bid, julle is doof. Die groot wêreld roep. Julle wil beroemd word. Jy wou die onnosel Boere gaan skiet. En nou lê jy op 'n winternag hier, en jy kan nie eens koffie drink nie. Jy bloei so vreeslik en jou long hyg so sonder ophou. En jy weet nie hoe lief het ek die koeël wat jou getref het nie. En ek is trots dat my land se eie seuns jou nie toegelaat het om die koei weg te neem nie. Ag, my Seun, ek ween dat jy so weerloos moet lê, dat jou bloed moet ys op grond waar jy niks verloor het nie. En wat jy nou verloor, kry jy nooit weer terug nie. En jou arme moeder kry nie weer haar seun nie. Oor tien of twintig jaar sien iemand die hopen grond en die bleek kruisie en die nommer en niemand sal jou naam noem en weet dis jy nie. Jy het roem kom soek en net die dood ge-oes. Sê my, Seun, wát is jou naam? Wie is jy?”

Die wit mond glimlag nie, nie hooghartig of selfversekerd nie. Die oë sien nie meer die helder sterre nie.

Die vrou snik en laat hom op sy rug lê. Sy druk sy oë toe en maak van die verbande los en bind sy kakebeen toe. Sy kruis sy hande op sy bors terwyl haar trane daarop val.

Dan stap sy huis toe deur die winternag. Die gras kraak onder haar voete. Die winter is altyd om ons, dink sy. Dis net 'n dun yslagie. En onder is die water, te diep vir mens om dit te deurgrond.

As sy voor die uitgebreekte venster verbygaan, sien sy hoe klein Hannie die burger help om sy wond te verbind. En sy dank God dat die kind nog nie weet hoe swaar dit vir mens is om moeder te speel nie.

*Sarel Smit*

## Die voet is uit spoor

die voet is uit spoor

my swart suster  
en ek  
loop uit ons  
spore  
deur die stamme  
met takke

pluk van die  
hemelbolle

en lê

'n nabootsel  
van  
twee mense  
uit klei

in die son  
gedroog



# Marlise Joubert

## JOU LOOP OOR TEERPAD

Jou loop oor teerpad  
gly afsydig verby pleine  
en huise geluik teen uile van die nag

en nêrens is daar sulke strate  
wat jou bergop laat loop  
bergaf  
terwyl die palmbome  
gehoorsaam regop staan en blare  
die wind roer hernu uit die hange

nêrens sulke huise swyend en wit  
soos nonne kniel in die grond  
die skouers vooroor gebuig eerbiedig  
vir die klap van jou allenige voete

terwyl die reën  
oor die kraag van 'n heining bloei  
jou loop  
oor teerpad ver pad  
middelmanpad

terwyl die reën  
jou voorkop vergesel

## MET MEKAAR

het ons niks meer te make nie  
behalwe soms  
of miskien  
as ons een spoor trap  
asof April die aarde  
toevallig bestuif  
en proe

aan ons verdrinkte somer  
ons kieweteiers  
en lang gras

waar die son getuimel het  
vir altyd  
oor Shonalanga

## ONTBLOOT DIE NAG

En al sou jy nie antwoord nie  
al sou jou woorde stil word  
soos die slapende meeue  
en die vlieënde son wat my soms  
aan jou gelaat herinner homself bedek  
met swart mantels

ontbloot die nag my haar raaisels  
terwyl die see haar voete verplaas  
met legendes

Al sou vergetelheid  
jou omring harige bome jou verblind  
al sou jou vorm sterf tussen die splinters  
van mense

ontbloot die nag my haar raaisels  
my vingers kry koers soos riviere  
en die oorsprong  
is jy

# Marietjie Joubert

## DIE PSIGIATER

jy lei my  
deur my landskap  
bekend én vreemd  
soos gister  
die dae volg mekaar  
soos tralies

ons teken met vetkryt  
die huis van my geboorte  
en swem nakend  
in kindheid-se-vlei  
se troebel poele

jy lei my  
laat rots my voete brand  
ons steier  
teen die afgrond  
van my woorde  
as ek stort  
dan stort jy saam

maar U stem lei my  
U hand kruisig my  
my trane brand 'n helder vlam

die grys van gister  
blom rooi  
in donker klowe

## AS EK EN JY

as ek en jy  
sonsondergang  
strandlangs stap  
hang wolke rooi  
die see blom 'n pienk papawer

iets huiwer aan 'n naelstring  
iets vaag wil vorm  
en geboorte gee  
in ons harte skulp 'n nuwe wete

dan breek die nagkristal  
die son in duisend skerwe  
repe eensaamheid  
spoel uit met die gety

## KOM WEER

kom weer  
met jou donker spasmodiese reëns  
en laat my lag soos 'n kind  
om die vreugde van 'n skeeloog-wêreld  
die hartseer grinnik  
van 'n haasbek-maan

## JY IS NIE HIER NIE

jy is nie hier nie  
my hare streel  
my wange

jy is nie hier nie  
my neus waak  
oor my lippe

jy is nie hier nie  
my bene soek skuiling  
bymekaar

jy is nie hier nie  
my hande bewe  
soos vlerke op my borste

jy is nie hier nie  
my oë kyk  
in die oë  
van die son  
van die maan

van poele  
my oë vlug na  
grasse  
en goggas  
en reën

my oë  
vlug na  
mekaar

## DAG

jy  
dag  
ek ken jou nie  
jyt verbygestap  
ek het jou nooit ontmoet nie  
nooit jou hand geskud nie

toe ek wakker word  
het jy jou gesig verberg en argeloos  
met hande gebroeksak  
jou rug op my gedraai

ek weet jy was hier  
net  
vanwee jou voete  
se verwoesting in my oë

---

## **N P VAN WYK LOUW**

11.6.1906 - 18.6.1970


Ons kan nie nou met woorde die omvang en betekenis van sy lewe en werk bepaal nie. Hyself het geskrywe:

**slotreëls is altyd sleutels meer as slotte . . .**

En so sal dit met sy werk wees — nooit klaar en ver-klaar nie, altyd nog aan die groei tot voltooiing. Maar die laaste betekenis, die finale sintese sal nie in ons eeu geformuleer word nie.

Daarom is ons dankbaar dat hy hier kon lewe en werk, dat hy aan ons soveel nagelaat het.

---







Roger Pieters

## Hippies in het dorp

Bakkertje, de smid, die eigenlijk Deschilder heette, had net de hand geheven om zijn troefaas met het passende triomfgebaar op tafel te gooien, toen de hippies het café binnenkwamen. Café Het Ridderkruis, stamcafé van de zelfstandigen, in de Graaf van Vlaanderen kwamen alleen de paupers en met die twee café's is het ontspanningsleven in ons dorp beschreven. Bakkertjes hand bleef als een gebalde vuist voor hoger loon en vijfdagenweek in de hoogte steken, de troefaas verloor er zijn glans bij. De hippies schoven door de halfgeopende deur de rokerige gelagzaal binnen, de jongen zocht, zonder iets te zien door zijn beslagen brilleglazen, als een drenkeling die zichzelf op het nippertje redden kon, het meisje kneep in zijn arm, bang voor al die naar hen toegeheven gezichten.

Het was één ogenblik erg stil in de herberg, dan klonk een vloek als een ontploffende autoband. „Nondeju”. Het was niet te raden wie er vloekte en waarom hij het deed, misschien was het de smid wel omdat zijn stunt niet de aandacht trok die er wel aan verdiend was. „Nondeju,” klonk het weer, stiller. Het meisje keek naar de jongen en dan de herberg in, alsof de vloek daar nog ergens klapwiekte onder de zoldering. De hippie-jongen had nu blijkbaar zoveel zicht gekregen dat hij het wagen kon, het meisje achter hem aan alsof ze een compacte mensenmassa moesten doorboren, naar de twee enige, vrije stoelen te schuiven. „Pardon,” vroeg hij en het klonk beschaafd genoeg om op te vallen in dit dorp dat een uur gaans van de beschaving lag, „zijn deze stoelen vrij?” De man die aangesproken werd keek zijn buurman aan en lachte, alsof het hem in het chinees werd gevraagd. Hij schoof een beetje terzij en de hele rij naast hem schoof een beetje terzij. Het was alsof er twee lepralijders waren binnengevallen. De jongen en het meisje gingen heel dicht bij elkaar zitten, eigenlijk hadden ze aan één enkele stoel voldoende gehad.

Het kaartspel werd hervat, maar zij die niet speelden en de enkele vrouwen, die zich in zoverre van de dorpsmentaliteit hadden vrijgevochten dat ze hun man durfden vergezellen bij zijn zondaags herbergbezoek,

monsterden de twee hippies zonder een poging te doen dit observeren te verbergen. Het leek wel een modeshow waarbij de mannequins het beter vonden te blijven zitten. Het meisje droeg een helblauwe poncio en daaronder een nogal slordige bloes, waarvan de halsknoopjes open stonden, ze had ook niet vooraf geweten waar ze terecht komen zou. Onder haar zwart ponykapsel, bijna vlak eronder, stak haar neus onverwacht spits naar voren. De jongen had zijn lange wollen jas uitgetrokken en op het rekje onder de tafel, waar de kaartspelers hun bierglazen plegen te zetten, gelegd. Hij zat in zijn flodderig hemd, zijn haar viel tot op de kraag ervan en het was niet meer uit te maken waar haar eindigde en baard begon.

„Christus,” zei Spekke, „we moeten de pastoor verwittigen dat Christus in de parochie is.” Er werd even hard gelachen en gekeken.

„Raar volk, onbetrouwbaar volk,” meende de eerste schepene, die zich verantwoordelijk voelde voor de orde in het dorp, maar de burgemeester, die niet slechts op café ging een paar weken voor de verkiezingen, suste. Hij was het sussen gewoon.

„Ze doen niets,” zei hij, tussen twee kaarten door, „zolang ze niets doen.” Hij had de wijze gewoonte zijn zinnen niet helemaal af te maken hetgeen hem de faam van filosoof bezorgde, zijn gezag versterkte en hem de moeite van dieper nadenken bespaarde. Zijn drie partners in het kaartspel beaamden knikkend.

De waard nam er eindelijk de tijd voor de bestelling te gaan opnemen. Hij deed het nors, duidelijk uitdrukkend dat hij ook wel aan de kost komen kon zonder de vijftien frank die dergelijke armoezaaiers te verteren hadden. Het hele café keek nieuwsgierig toe wat deze vreemdsoortige wezens wel gewoon waren tot zich te nemen. Meer dan een coca wensten de hippies echter niet.

„Een coca,” fluisterde de vrouw van de veldwachter tot haar buurvrouw, maar wanneer ze samen zijn zuipen ze whisky en ze roken marie . . .”

„Marie . . .?” informeerde buurvrouw nader, maar haar aanspreekster waagde zich niet aan andere omschrijving.

„’n Christenmens kent zelfs de naam van dit goedje niet. Het is verboden bij de wet. Mijn man zegt dat er tegenwoordig erg jacht op het goedje wordt gemaakt. Je merkt aan hun gezichten dat ze verslaafd zijn.”

Dat merkte buurvrouw zo, op het eerste zicht, alhoewel zij bij zichzelf opmerkte dat er van hun gezicht weinig te zien viel.

De waard smakte weinig vriendelijk de glazen op het ongeschuurde tafelblad. Even trokken de schouders van het meisje naar voor, alsof ze een stoot tegen het borstbeen had gekregen.

„Zeg het hem,” fluisterde ze de jongen in het oor. „Vraag het nu.” De

jongen schraapte zich de keel alsof hij een belangrijke mededeling te doen had en inderdaad keken alle verbruikers op. Zelfs het oudere dametje, dat in de duisterste hoek achter een glas stout zat te breien. Ze breide aan een lange, zwarte kous bepaald niet een hippie-kledingsstuk, maar toch was zij de enige die naar de twee jongemensen keek met iets als een glimlach van genegenheid.

„Wij vielen met ons tweepaardje zonder benzine, meneer,” stootte de jongen er met één veeg uit. „Misschien weet u waar wij een jerrycan vol kunnen krijgen. Dan kunnen wij de stad bereiken. We moeten daar zijn vanavond.”

Het was eigenlijk niet nodig dit hele verhaal te doen, alleen maar om wat benzine te krijgen. De waard luisterde met de onverschilligheid van een beroepskelner.

„Alles gesloten,” gromde hij. „Zondagavond.” Hij liet de jongen met een nieuwe vraag op de lippen en slenterde, links en rechts grinnikend naar zijn toonbank terug.

Een jonge landbouwerszoon die bij de toonbank stond riep: „Ik meende dat tweepaardjes op melk reden.” En het antwoord van zijn vriend: „Op moedermelk.”

„Kan ze zelf leveren,” fluisterde hij zijn kameraad toe. Ze lachten beide en alle mannen in het café lachten, zelfs Miel, de timmerman, die zo doof was dat hij zijn eigen hamer niet hoorde vallen. Het meisje bloosde en trok de jongen aan de arm, ze wilde weg.

„Weet je wat?” riep de man bij de toonbank, „dans met mij en ik zeg je waar je benzine krijgen kunt.” Hij wachtte niet eens haar antwoord af maar trok haar van achter het tafeltje vandaan. Hij hoefde niet eens ruw te worden, ze durfde niet tegenstribbelen en ook de hippiejongen keek alleen maar alsof iets onherroepelijk aan 't gebeuren was. Het was een wals en het meisje, dat aan zulke dansen niet gewoon was, deed haar best om draaiend in de maat te blijven, maar het deed erg stuntelig aan. Ze leek een herstellende van een zware ziekte, die haar eerste passen zette. De landbouwerszoon lachte over haar schouder de klanten toe.

„Zie je dat ik het durf.” Gelukkig voor het hippie-meisje had de jukebox de gewoonte stil te vallen halverwege de plaat. Ze gaf er niet om.

„Zegt u me nu . . .” poogde ze haar beloning voor deze parodie te krijgen.

„Hier honderd meter verder is een pomp en daar kan je morgen van acht uur af benzine krijgen.” De hippie-jongen schoot recht van zijn stoel maar het meisje weerhield hem bij de mouw van zijn hemd. Door de bruusheid van beider bewegingen scheurde het hemd tot zijn elleboog.

De schepene keek veelbetekenend naar de veldwachter maar de burgemeester suste en schudde het hoofd. Hij deelde de kaarten alsof er niet een onweer in de lucht hing. Dan stond de jongen toch recht. „Ik vraag toch maar een bus benzine,” zei hij. „Kan niemand mij een bus bezorgen? Ik kan betalen en ik heb een bus.” „Je moest ervoor zorgen dat die bus vol is wanneer je vertrekt.” „Is het u nooit gebeurd dat . . .” Plots sloeg de waard op zijn toonbank alsof hij een herberg vol ruziestokers te bedaren had.

„En ik zeg dat hier gezwegen wordt over benzine,” riep hij, zo hard als zijn dronkemansstem het hem nog toeliet. „Dit is een fatsoenlijke inrichting.” Maar de jongen, nu hij éénmaal op pad was, hield vol: „Wanneer wij geen benzine hebben moeten wij in onze auto slapen.”

„Hm . . .” zei de veldwachter en zijn vrouw keek alvast bewonderend naar haar man op.

„In deze gemeente is het kamperen verboden,” citeerde hij de gemeentereglementen.” Daaronder vallen: slapen onder een tent, in een woonwagen, in een niet . . .”

„Dit is toch een geval van heerkraft,” riep de jongen.

„Heerkraft, heerkraft, tut, tut, tut, je zult ons niet overbluffen met grote woorden,” zei de veldwachter, alhoewel hij niet in uniform was. „Probeer het maar eens, nietwaar, burgemeester, dat hij het maar eens probeert.”

De burgemeester hief de hand en zei: „Er zijn zekere . . .”

„Ziet u,” interpreteerde de veldwachter 's burgemeester tussenkomst.

„Maar leen me dan een bus . . .”

„Stop!” riep de waard. „Dit is mijn huis. Ik laat het niet op stelten zetten door vreemd schorremoeie dat weet ik waar vandaan komt. Ga je elders bezuipen, ergens waar je in de open lucht slapen moogt en vrijen en dinges roken. Maar hier gebeurt dat niet.” Hij liep naar het tafeltje toe, vasbesloten de glazen weg te nemen en het hippiepaar hardhandig aan de deur te zetten. Hier lag de kans om, in de ogen van het halve dorp en dan nog de belangrijkste helft, op het voorplan te treden. Dan stond, zo vlug als haar reumatische knieën het toelieten, het oude dametje van uit haar duisternis recht. Eigenlijk was ze niet helemaal een dametje, daarvoor was ze, toch in de ogen van het dorp, te zeer aan de drank verslaafd. Ze had veertig jaar lang het dorpsschooltje bestuurd en toen reeds dronk ze, maar dan thuis, en daarom nam niemand haar dit kwalijk. Sinds haar opruststelling echter had ze de gewoonte aangenomen het Ridderkruis te bezoeken, waar ze het nuttige, in casu: breien, aan het aangename paarde. Zij naderde als een close-up. Maar hoe geruisloos zij ook tot

midden het café was genaderd, zo geweldig vulde haar stem plots de gelagzaal: „Jij,” wees ze naar de waard, „en jij (de veldwachter) en jij, jij,” een tiental kregen hun beurt, „jullie zaten in mijn klas. Het weinige dat in jullie domme kop kon gewurmd worden heb je van mij. Toen jullie zo oud waren als die twee kinderen daar, deed je veel gekker. Je reed op je fiets van de ene kermis naar de andere, je zoop en je vocht en je moest elkaar thuis brengen. Jij,” zei ze wijzend naar de veldwachter, „jij hebt nog geslapen in de goot van mijn huis. Ik zeulde je ’s morgens naar huis en ik vertelde je vader dat je onwel geworden waart.”

Ze was nu helemaal naast het meisje gaan staan, als een verdediger naast zijn beschuldigde. Het ontbrak er alleen nog aan dat ze de hand op diens schouder legde.

„En jij,” wees ze de schepene aan: „Ik heb je eens verzorgd na een vechtpartij met die van het naburige dorp. Het was eigenlijk geen vechtpartij: na de eerste slag ging jij lopen.” Ik haal het, glimlachte ze het meisje toe, je hoeft hem alleen maar te overdonderen en dan haal je het.

„Wanneer hier een dikke heer was komen vragen om benzine dan hadden jullie de benen van onder het lijf gelopen. Een dikke heer, met een dikke horlogeketting over de buik, en een dikke sigaar. Maar omdat deze twee kinderen het vragen veren jullie recht. Je zegt: het zijn van die rare uit de stad, ze lopen anders gekleed dan wij, ze doen dingen waarover in de krant wordt geschreven.”

„Je moet je met zaken die je niet aangaan, juffrouw Irma,” bromde de waard die meende dat hij zijn gemakkelijk behaald succes moest trachten te redden.

„Wat julle aangaat, gaat mij aan,” zei het strijdlustige dametje.

„Jongeman, haal je bus,” commandeerde ze, „deze man daar,” en ze wees naar de waard, „zal hem vullen. Hij heeft zijn eigen pomp.” Toen ging ze zitten naast het meisje, terwijl de jongen naar buiten liep.

„Als jij maar denkt . . .” zei de waard. „Er zijn van die gevallen,” zei de burgemeester en de waard haalde berustend de schouders op.

„Waarom doe je het?” vroeg het meisje.

„Waarom doe je wat?”

„Waarom trek je onze partij tegen uw dorpsgenoten?” Het vrouwtje deed een slok van de coca die het hippiemeisje dronk en trok een vies gezicht, alsof ze azijn in plaats van wijn had geproefd.

„Ik trok jarenlang partij voor al die kinkels hier en ik heb er nooit een woord van dank voor gehad,” zei ze.

„Nooit een woord. En ik heb het niet nodig, ook niet van jullie. Maar zolang ik leef wil ik dat mijn stem gehoord word.”

De waard was ondertussen berustend de jerrycan gaan vullen. Hij begreep dat er aan het opperste gezag na god, weinig te tornen viel. Het dametje Irma genoot van haar triomf. Misschien had ze, op iets dergelijks, sinds haar opruststelling gewacht. Misschien had ze evengoed partij getrokken, tegen het dorp in, voor gelijk wie in nood verkeerde. Ze trok zich, nadat de hippies vertrokken waren, in haar hoekje terug, breide verder aan haar kous die, gezien haar lengte, wel nooit door iemand gedragen zou worden. Alhoewel: met die hippies, ze kleden met een lapje en je weet dus nooit.

## *Theunis C. C. Lombard*

### Johannesburg

Mynhope: Tafelbergies, wit Maluti's het ons hier,  
wat in die liglyn teen die krabbers skuur.  
Hier hang ek die nostalgiese verlange na die plaas  
en veld, geknoop, vas aan my bontdas op,  
kam mens die naverdriet maar tog oplaas,  
met brylcreem deur die hare, platweg op die kop  
en spieël die weemoed vlugtig resultaat:  
Stap slentergang die neons tegemoet,  
wat hiperbesig kleure uit die reënboog slaat;  
informatief, oorwegend blou en rooi soos bloed,  
spring pyl vir pyl na ingang van die skouburg,  
danslokaal, voor elke kroeg, die hart in van Johannesburg.

Maar soms, haas ongemerk, half blydskap nou:  
Tros duiwe in die dagbreek hoog  
en span en span die stramme boog,  
gepees uit hartspier en die senuwee, gemik na blou  
die pyl wat nie die wind sal sny;  
die pyn wat buig in boë bly.

Mike Oberholzer

## Ontberinge

Ek het 'n tikmasjien, papier, lessenaar, boekrak, boeke, kamer, uitsig op dakke, die stad, die dae, die skemers, bed, toilet, komberse vir die winter, stofie met 'n swart konfoor koffie op. En ek het 'n slaapmus.

Ysoggende as ek met hangover wakker word en uitkyk oor die nat dakke van my stad dan verstel ek my slaapmus en dink aan dinge wat ek moet ontbeer. Bibberend voor die stofie loer ek na die grys dag. En ek word treurig. Op 'n manier:

As ek 'n geel voël in my kamer kon hê om te sing, vroegoggend wanneer ek met knipperende oë by die venster uitloer om te sien hoe die dag lyk; en (illusie) vaal wintersveld en geel bome en blou lug sien. As ek met stram vingers my tikmasjien laat skryf, formuleer die masjien my alleenheid op die papier. Daarom wil ek 'n vrou vir my kamer hê. 'n Vrou soos 'n blom waaraan ek kan lê en ruik saans en oggende as die wêreld van dakke toege-ryp is. 'n Vrou wat in die kamer geur en geur anders as die blomme in die vaas wat na 'n dag verlep en die water geel maak soos urine. 'n Vrou met geel hare waarna ek kan kyk van my skryftafel af as sy aan die anderkant van die vertrek roer en koffiemaak en slenterbroek, bloese, trui dra.

Vanmiddag in die kafee toe ek koffie bestel en aan die warmte drink en uitkyk na die reën en blare op die sypaadjie was my inventaris van ontberinge groot. Ek weet as ek in die oggende verkleumd opstaan, is my ontberinge karig maar saans is hulle veel. Dis nie net die vrou en die singende kanarie nie.

# Greta Sauerman

## MAAN

Jy wat sterrekranse vleg  
en die rooi-oog honde bind,  
wat blou vitriool teen die  
    hemel gooi . . .  
láát die silwervisse dans  
en blomme sperma stort soos  
    hingste.  
Kom lelie, my wit tempel,  
ons drink die nag se bloed;  
duisend tonge steek in die

    oë van duiwe —  
in die kinderdans is daar  
    motte wat baar.  
Die nag hang, 'n naaldekokernek  
paddas dans hul liefdesdans.  
Jy rus in die mond van die  
    blonde voël  
en jou stuifmeel val op my  
    hande en borste.

## RIVIER

Voëltjie-tong, sweer jy nog  
in die etter van riete wat brand?  
Ek wil nie meer paddas se mae en  
die bitter bloeisels van lelies  
    ruik nie!  
Ek wil dans op maat van die blare



wat drup van engele se goudgeel  
dye . . .

Keer die sonneblom om in die  
modder!

Sing, my reën in die visse se  
monde.

## STER-NAG

Rooi kind blonde kraal,  
soet blomme, blinde bye  
appel-groen nagsonne  
soek die winde en die maagde,  
blarebekke van die bome;  
heuningpot en melkweg  
engelkoppe knik soos blomme!  
Sóén my voëltjie-sonne:  
óns dans saam in die riete . . .  
Kermende bokkies in 'n wyn-nag  
jul mond verklum bont halleluja's;  
braak bitter lelies . . .  
Skoelappers, júl meeldrade  
brand.

André Demedts

## Sprekken over en met Johan Daisne

Wij hebben het vroeger in dit tijdschrift eens over Stijn Streuvels gehad, de grootste en langst levende van de generatie die tussen 1890 en 1900 aan het woord is gekomen. Op 15 augustus 1969 is hij in zijn achtennegentigste jaar overleden en op zijn uitvaart, met de oude West-vlaamse wijtewagen, waren ruim 7000 mensen aanwezig. Zij beseften wie er begraven werd: onze belangrijkste woordkunstenaar na Gezelle. Verleden jaar hadden wij een vraaggesprek met Gerard Walschap, laureaat van de Prijs der Nederlandse letteren, thans voorgesteld als kandidaat voor de Nobelprijs en de sterkste persoonlijkheid uit het geslacht dat tussen 1920 en 1930 voor de aflossing van de wacht heeft gezorgd. Nu hebben wij ons tot Johan Daisne gewend, bij zijn echte naam heet hij Herman Thiery, om met hem een uurtje te praten over zijn werk en zijn opvattingen over letterkunde.

Johan Daisne is te Gent geboren op 2 september 1912. Zijn vader, een bewonderaar van Tolstoi's evangelisch humanisme, was er onderwijzer en later directeur van het schoolmuseum. Hijzelf werd doctor in de economische wetenschappen en hoofdbibliothekaris van zijn geboortestad. Sedert hij zijn eerste boek uitgaf in 1935, de reportage *Stof op het Kremlin* heeft hij vrij veel geschreven. Opmerkenswaard is op hoeveel terreinen van de literatuur hij bedrijvig was. Hij publiceerde een tiental verzenbundels, nogeens zoveel romans en verhalen, toneelstukken, talrijke boeken over filmkunst en filmartiesten, letterkundige essay's, aforismen en zelfs een geschiedenis van de Russische letterkunde, *Van Nitsjevo tot Chorosja* (1948). Een aanzienlijk deel van dat werk werd vertaald in het Duits, Engels, Frans, Pools, Russisch, Spaans en Zweeds. Een hoorspel van zijn hand, *Die Man wat homself gebel het*, werd in het Afrikaans overgebracht door Anna C. Louw en in 1956 door de S. A. U. K. uitgezonden. Hij was redakteur van het tijdschrift *Werk*, richtte een periodiek op *Klaverdrie* voor dichtkunst „uit en voor het leven” en behoort nog altijd tot de redactieraad van het *Nieuw Vlaams Tijdschrift*.

Dat de verdiensten van Johan Daisne gewaardeerd werden moge blijken uit een lange lijst onderscheidingen. Hij is lid van de Koninklijke Vlaamse Akademie voor Taal en Letterkunde. Tweemaal ontving hij de Driejaarlijkse Belgische Staatsprijs, voor het toneel in 1946 en voor de roman in 1960. In 1967 werd zijn gezamenlijk werk bekroond met de Internationale Kogge-Literatuurpreis der Stadt Minden in West-Duitsland. Als mens is Daisne een humanist, die zich in de genegenheid van veel trouwe vrienden mag verheugen, omdat hij zo edel en eerlijk zijn eigen overtuiging beleeft en die van anderen eerbiedigt. Men zal bijdragen van zijn hand aantreffen zowel in rechtse als in linkse bladen, iets wat in ons land dat vaak door scherpe politieke tegenstellingen verdeeld werd, alsnog een zeldzaamheid is.

Bijna tien jaar geleden, toen wij op verzoek van een uitgever een studie over Daisne in voorbereiding hadden vertelde hij ons over zijn jeugd. Zoals voor veel kunstenaars is zij beslissend geweest voor zijn kunstenaarschap, als vorming voor zijn persoonlijkheid en aanbrengst van ervaringen die ten dele in zijn romans en verhalen weer te vinden zijn.

- Ik groeide op in een sfeer van avontuur en gezelligheid, suspense en huiselijke knusheid. Ik genoot mijn eerste onderricht op de school van mijn vader. Met de ongedwongen aanhankelijkheid, welke op die leeftijd aan een gezonde natuur eigen is, sloot ik gemakkelijk vriendschap met mijn makkertjes. Tot mijn vijftiende jaar heb ik met de arme jongens uit mijn buurt op straat gespeeld. Ik wenste ten andere zoveel mogelijk met hen gelijk te zijn en drong zo lang bij mijn ouders aan, tot zij mij toelieten mijn haar kort te laten knippen en op klompen naar school te gaan.

Voor zijn eerste roman verscheen heeft Daisne naam gemaakt met gedichten, met de bundels *Breuken herleiden* (1936), *Afreacties en Funderingen* (1937) en *Het Einde van een Zomer* (1940). Hij is trouwens poëzie blijven schrijven tot vandaag de dag. Voor velen is zij een teken van tegenspraak, omdat zij voor de enen te gewoon en voor de anderen te verheven aandoet. Haar hoofdkenmerk is haar waarachtigheid. Volgens hem is poëzie in het bijzonder en kunst in het algemeen gesublimeerde werkelijkheid. Daisne voelt niet veel voor dichterlijke geheimtaal, gezochte klank-effecten en beelden. Zijn poëzie moet toegankelijk zijn voor iedereen; vandaar dat zij soms stroef aandoet en, was het ritme er niet, als gesproken proza. De dichter waarschuwt dat men zijn verzen niet afzonderlijk mag beoordelen.

- Men moet mijn werk in zijn geheel lezen, zoals men een mozaïek moet bekijken. De inlegstukjes komen eerst dan tot hun waarde.

In 1942 verscheen Daisne's eerste, belangrijke roman *De Trap van Steen en Wolken*. Twee geschiedenissen worden erin verhaald: een deel realiteit

beleefd te Gent in het universiteitsmilieu en daarnaast een romantisch droomgebeuren in het Verre Westen van de Verenigde Staten. Dat laatste beeldt de wensdroom uit, die de helden uit het eerste verhaal koesteren om hun dagelijks bestaan met een glans van schoonheid en goedheid te omringen. De droom is terzelfder tijd een afstraling en een idealisering van de werkelijkheid. Die manier om de dingen te bekijken en te beschrijven zou surrealistisch mogen heten, was er niet het tweede plan, naast de verbeelding, van de ervaring. Daisne heeft er de mooie term magisch-realisme voor gevonden.

Waarneming en verbeelding zijn volgens hem de polen, waarvan de uitslaande vonken het toverlicht scheppen dat de werkelijkheid in de droom doet opgaan en de droom naar de werkelijkheid terugvoert. Zijn inspiratiebronnen zijn herinneringen, ontmoetingen, lektuur en fantasie. Vooral zijn jeugd is van beslissende betekenis geweest, de volkswijk waarin hij opgroeide, de innige liefde van zijn ouders - onlangs vierde zijn moeder haar 85e verjaardag - de avontuurlijke filmproductie van een halve eeuw geleden en de romanese roman. Daisne is altijd een vijand geweest van grofheid en onverdraagzaamheid, van de ontluistering van de mens zoals ze in de jongste jaren door nihilisten en suksesjagers wordt toegepast.

Benevens *De Trap van Steen en Wolken* zijn de voornaamste titels van zijn verhalend werk: *De Man die zijn Haar kort liet knippen* (1948), *De Trein der Traagheid* (1950) en *Hoe schoon was mijn School* (1961). *De Man die zijn Haar kort liet knippen* werd verfilmd door André Delvaux en niet alleen in Vlaanderen, ook in het buitenland gunstig onthaald. Later heeft Delvaux eveneens van *De Trein der Traagheid* een rolprent gemaakt, waarvan dezelfde bijval mag verwacht worden.

José de Ceulaer, die Daisne over zijn opvattingen heeft ondervraagd, publiceerde in zijn boek *Dat zei Claes, dit zegt Claus* (Antwerpen 1969) het antwoord op zijn vraag: Heeft de schrijver volgens u een sociale taak te vervullen?

— Ik vind niet dat hij sociaal geëngageerd moet zijn, doch ik erken wel een sociale verantwoordelijkheid, niet politiek maar moreel. Literatuur die het leven ontluistert is een geestelijk wanbedrijf. We moeten natuurlijk vrij zijn, maar een teringlijder moet weten dat hij niet op straat spuwt. Er is geen kunst aan zijn medemens te besmetten. Wel een demonisch genoeg dat zekere — auteurs — met complexe vandaag minder dan ooit vreemd is.

Het is soms ontmoedigend na te gaan hoe er met de literatuur geknoeid wordt, met het gevolg dat een deel lezers zich uit ontgoocheling van het letterkundig werk afgekeerd hebben en liever geschiedenis, wijsbegeerte

en teologie zijn gaan lezen. Er zijn ons gevallen bekend van schrijvers die liever zwijgen dan zich op te dringen en daarom vroegen wij aan Daisne of hij nog zou schrijven indien hij opnieuw mocht beginnen.

— Ongetwijfeld. Want ik mag verklaren nooit te hebben geschreven als tijdverdrijf of om naam te maken of geld te verdienen, maar altijd — vergeef het grote woord — uit levensbehoefte. Behoefte om mezelf te vermenigvuldigen met anderen en met de wereld; behoefte om het schone en het goede van de Schepping te loven; om iets van mijn bestaan vast te houden; later ook om het te verdiepen en moeilijkheden te overwinnen.

— Mag ik herinneren aan de titels van mijn eerste geschriften, de verzenbundels *Breuken herleiden* en *Afreacties en Funderingen*? Ook aan de leus - Poëzie uit en voor het leven - die ik de cahiers *Klaverdrie* meegaf? En nog niet zo lang geleden titelde ik een pocket aforismen etc. *Met een Inktvlek geboren . . .* Ik heb in de literatuur gevonden wat ik erin zocht, reeds als knaap; dat ze door de kritiek werd geaksepteed en dat medemens (oudere en vaak zeer jonge) me soms toevertrouwen, iets aan mijn schrijven te hebben dat hun leven verrijkt, is extra lonend.

Soms stellen wij ons de vraag, als wij lezen wat er uit kommerciële berekening geschreven wordt, of de letterkunde nog een toekomst heeft. De uitspraken en de mentaliteit van veel jongere critici versterken onze onzekerheid. Wat denkt u daarover?

— Of ik in de toekomst van de literatuur geloof? Nogmaals: ongetwijfeld. De stoffelijke mens leeft van stof, zijn verstand van wetenschap, zijn ziel vergt cultuur, dat is de tweede natuur van de mens. En cultuur is in eerste en laatste instantie toch het gevoelige, zinnige, verhelderende, „schone woord”, literatuur.

Uw vertrouwen in de toekomst is een bemoediging voor allen die beseffen dat de ondergang van de letterkunde, die in de grond gekonkretiseerde wijsbegeerte is, en onherstelbaar verlies voor de mensheid zou bijbrengen. Maar vreest u niet dat die kunst - van - het - woord veroordeeld is om, door de ontwikkeling van het uitgeversbedrijf, meer en meer een liefhebberij van een beperkt aantal ingewijden te worden?

— Of de literatuur geen toevlucht, meer en meer, zal worden van enkelen terwijl de massa genoeg zal hebben aan kranten en magazines? Ik meen van niet en steun daarbij op mijn ervaring als auteur en als bibliotekaris. De gewone mens, dus de „massa”, schrijft me vaak de beste brieven over mijn boeken, zoals die gewone mensen ook voortreffelijke biblioteekklanten zijn.

Voor veel lezers is de letterkunde, de onze in het bijzonder, een onoverzichtelijke hoeveelheid proza en poëzie geworden. Door uw beroep is u verplicht veel te lezen, eigen en vreemd. Wat is uw oordeel over de huidige stand van de Vlaamse letteren?

— Wat ik denk over de Vlaamse literatuur van nu? Ik geloof dat ze zoals de hedendaagse literatuur van elders een crisis doormaakt. Af en toe krijgt de mensheid weer kinderstuipjes. Heel dat rumoer van kontestatie, van nouveau roman en nouvelle critique, van weg-met-het-etablishment, van papa-is-suf, van God-is-dood, van sekserij en pornografie, van verzet tegen en dus angst voor de censuur, al die vormen van anarchie en nihilisme, zijn maar rumoer, hoe vervelend en ergerlijk dat ook is. Het heeft sociale achtergronden, wordt politiek gefokt, steunt op zeer verkeerd begrepen en vals toegepaste democratie. De stuip gaat wel weer over.

Wij weten dat Daisne een auteur is die geregeld werkt en zich ertoe verplicht ten minste iedere dag een uur te schrijven, geduldig en trouw als een middeleeuwse monnik. Waar is u thans mee bezig en schrijft u nog gedichten?

— Waaraan ik thans werk en of ik nog poëzie schrijf? Ik heb mijn scheppend proza even onderbroken, voor enkele jaren, om een wetenschappelijk levenswerk te voltooien dat ik sinds mijn jeugd voorbereid: een tweedelig en viertalig *Filmografisch Lexicon der Wereldliteratuur*, dat overvloedig geïllustreerd zal worden en verklaren welke werken van schrijvers uit de gehele wereld verfilmd werden, met opgave van de titels van de filmen, het land en jaar van de produktie, de namen van de regisseurs en voornaamste spelers.

Daarna hoop ik nog wat scheppend proza te mogen schrijven. Intussen, in margine van het Lexicon, schrijf ik vrij geregeld een gedicht, gewoon omdat ik het niet kan laten. Zo blijf ik hopelijk in contact met mijn muze. En om mijn proza-pen niet te laten roesten, schrijf ik ook; elke maand mijn filmatiekkroniek in het maandblad *De Periscoop*, en mijn hoekje *Ganzeveer en Kogelpen* in het dagblad *Vooruit* van de Belgische Socialistische Partij.

Omdat wij over poëzie gesproken hebben overhandigt Daisne ons een van zijn jongste gedichten. Hij is eraan gehecht, want het drukt de leidende gedachte uit van zijn wereldbeschouwing. Het leven draagt ons als een boot naar een bestemming; de dood is een tweede geboorte. Wij mogen het publiceren en hier volgt het dan tot slot van ons vraaggesprek:

# *Johan Daisne*

## DE BOOT

De boot van onze laatste reis,  
hij is niet zwart, hij is niet grijs —  
zijn zeil is wit gelijk een laken.

Zijn boeg heeft niet de vorm van draken.  
Hij is een wieg in de orkaan,  
Zacht vaart hij of hij stil bleef staan.

Want zijn azuur is als de spreij  
die handen eens zaten te haken  
met al de min van de maand mei.

Ten hoogste bloedt soms op zijn dek  
het roosje van een rose vlek,  
rood sein dat zegt: niet wakker maken.

Zo zal die boot ons allen slaken,  
eens, volgens eeuwenoude wet:  
de dood is weer een kinderbed.

# D. M. Joubert

## Ystergordyn

Lae miswolke wat swaar hang oor die heuwels van Neder-Sakse hul die laat herfsmiddag in bedrukte eensaamheid. Voor ons uit blink die gladde teerpad. Reguit suidwaarts pyl dit op sy bestemming af. Plotseling swenk die gebaande weg na regs en slegs 'n vae toegang bly oor, vol pokmerke en slaggate - onmiskenbare tekens van onbruik.

'n Eensame wagpos en verlate tolhek dui spoedig op die einde ook van hierdie paadjie. Die voertuig kom tot stilstand en sprakeloos stap ons voort. Vyf, tien, moontlik twintig treë. Liefs nie verder nie. Voor ons, die Ystergordyn: doringdraad en versperring. Vanaf die gesigseinder links oor die naaste heuwel strek dit tot by die verste horison na regs: „Vanaf Stettin aan die Oossee tot by Trieste teen die Adriatiese kus”.

Op 'n ruim afstand, uit die digte newel, verskyn twee wagte. Dit is ongerieflik koud, en hulle bibber nes ons. Nou strompel hulle oor 'n geploegde land om makkers af te los van hul wagbeurt by die hout-toring, digby die voorlaaste grenslyn.

Die wolke maal steeds oor die heuweltoppe en sagte reën begin weer sif. Dan volg skrilte klokgelui en die geklang kom aangerol oor die grens om die Weste te herinner aan hul standvastigheid - want dit is sesuur, en dit is Sondag: Die klokke van Kirchgandern. En, in skrilte kontras, op 'n lap groen weiding wat ons skei van die middeleeuse dorpie, 'n trop sneeuwit ganse.

Die nypende koue laat ons omdraai en half verlig keer ons terug na die motor. Tog wou mens langer vertoef want iets lok; al is dit om in stilte die ontoeganklike in te staar. Hoog bo ons vlieg 'n tiental wilde-eende, in vaste formasie na 'n rusplek, ooswaarts. Slegs vir hulle geld geen grens, of bestaan g'n versperring nie.

Vinnig nou sak die halfdonkerte toe en in die somberheid van die ondervinding word weinig gepraat. Om 'n draai val die hoofligte helder op 'n plakkaat: Die buitelyne van Duitsland doem op maar die eenheid is verbreek deur twee binnegrense. En dan die onderskrif:

3 GETEILT - NIEMALS?



# Aletta Lubbe

## Een dag langer

Vier en twintig uur.

Een dag langer.

Wat sou jy daarmee doen? As jy sou weet jy het een dag, net een dag langer om te leef?

Eers sou dit 'n harde slag wees wat jou gang tot stilstand ruk sonder dat jy die oorsaak daarvan reg besef. Dan swaai die pendule stadiger in bewuswording. En dan vlug:

uit elke dag se vrese

uit elke dag se reëlmaat

se klein genot, se kommer en vermoënis.

Een dag.

Hy kom in fokus met die oggendskemer en yl mossiestemme en 'n veraf haangekraai (vir die tweede maal?) en 'n oop dagbreek op 'n plaas. Die dag sal vroeg begin; jy begin dus hier in die dounat somerveld saam met die leeurik. En naby die geur van die aarde waarheen jy gaan terugkeer.

Ek sou 'n fontein gaan soek.

Ek sou plat gaan lê met my gesig in die water en drink.

Ek sou baai en my reinig vir die ewigheid wat wag.

Ek weet van lewende water wat 'n dors vir ewig les,

wat 'n fontein word van water wat opspring tot in

die ewige lewe.

Dan sou ek loop tot by 'n rivier.

Ek sou spoelklippies in my handpalm optel.

Ek sou hulle een vir een in 'n helder stroom los.

Hulle reinwit deur die rimpels sien bewe.

Ek sou 'n wilgertak langs die stroom pluk en 'n krans vleg, dit om my nek hang en met my hand oor die blare streel. En die wind deur die wilgers hoor speel soos op siters.

Ek sou op my rug lê en na die wolke kyk en weet God was in 'n wolk-  
kolom en Hy kom op die wolke. En elke dag sedert die Skepping is daar  
wolke en geen twee dae is hulle eenders nie.

En ek sou aanstap tot by die see.

Op die verste rotpunt sou ek staan.

Die opwelling van bruingroen branders inwag.

Hul sien omkrul en skynend groen vooroor stort  
in die maalkolk van terugtrekkende waters.

En weet dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is.

Ek sou deur 'n laning trilpopuliere in die herfs stap.

Luister na die fladdering van geel blare.

Ek sou in die wind langs 'n koringland staan en kyk hoe die are voor  
die wind weggolf.

Deur die ryp graan loop en 'n aar uitvryf.

En weet die Meester het ook koringkorrels geëet.

En soos 'n koringkorrel gesterf om op te staan.

Ryp graan. Jou dag duur nog voort.

Toe

Nuusflits: KINDERRAMP

Skoolbus. Oorgang. Snelrein.

23 dood.

6-7-8-9-10-11-12-13-14-15-16-17-18 jaar jonk.

Jong nuwe koring.

O, Here HERE . . .

Skooltasse op 'n hoop.

Verby.

En die koring staan in die aar.

Val uit die aar.

Tot in die aarde en leef.

\* \* \*

Een dag langer?

Ek sou kniel:

Here, wat wil U hê moet ek doen?

# Dualis

Ek raak agter.

Dié besef breek golfsterk in my.

Nog 'n dag storm op my af.

Ek wil nie wakker word nie.

Was daar 'n tyd toe elke dag fonteinhelder oopgeborrel het? Dae was te kort. Nagte het te gou gekom. Met dagbreek is die nuwe dag oopgewerk.

En met groei kom skeuring tussen die reëlmaat en orde wat hand en verstand moet volg en . . . die wilde wegbreek.

En - blanko A4.

Briewe en verjaarsdagwense bly nie op datum nie - of is dit omdat hulle meer word namate mens ouer word en in wyer verband leef?

Naaldwerk: 'n nagmerrie van inderhaas iets aanmeakaarslaan vir die volgende „geleentheid” - sonder deurdagte beplanning.

Koekbak: ditto.

Rate en resepte en patrone wat ek uit tydskrifte wou neem, val my op 'n dag met 'n gevoel van verlies by.

Boeke wat nie gelees is nie, spook snags kubisties.

Die breimasjien staan soos 'n aanklag wanneer andermaal 'n winkeltrui gekoop word as 'n eenmaal-in-tien-jaar-strawwe winter die ideale van self brei kapokkerig uitrafel.

Her-dinge wat gedoen moet word, word berge. En tog, begin jy doelgerig klim, is hulle verbasend gou kleingemaak. Dis net lekkerder om *nuwe* dinge te skep as om *ou* dinge te herstel, te hersorteer, te hergradeer, te herwaardeer, te heroorweeg. Neem nou maar papierwerk: van briewe tot kwitansies tot tydskrifte. Neem kaste en laaie regpak én reghou, klere versorg, etes bedink, dinge skoonmaak, organiseer - dag na dag na dag.

Dieselfde dieselfde dieselfde.

Oor en oor en oor.

Jy moet moet moet.

Eerlik: jy raak sat daarvan.

Sat sat sat.

Maar jy is magteloos om die orde te versteur - die bestaan van geslagte) duur voort voort voort.

Slaap - opstaan - stort - aantrek - hare en naels en vel versorg - eet (met nuus) - jaag - afsprake nakom - eet (met nuus) - werk - slaap (met oordenking) - uur na uur na uur.

Dag na dag na dag.

Week na week na week.

Maand na maand na maand.

Jaar na jaar na jaar.

Lewe na lewe na lewe.

Eindelose siklus van moet dit moet dat moet sus moet so moet dit moet dat moet sus moet so. Goed. Mooi. Korrek.

En wit Whatman/C.M. Fabriano - sonder lig en skadu. Sonder monochrome ritme.

Dikwels verloor gedagtes: op 'n strokie papier 'n frase of twee staanstaan neergekrap - vir láter soek ek deur laaie en lêers na die stukkie papier, na dié gedagte wat volmaak binne die konteks gaan inpas . . . Maar hy is verlore - jy onthou hom nooit weer presies net so nie. Dan klim ek uit die dop wat ek is, kyk terug daarna en sien die letsels van gebreke, inherente defekte - en bid vir die dop in sy jammerlikheid en kwesbaarheid en onmag.

Die kerk-uur is 'n ruspunt: 'n oase van inneem en opneem en meeneem - al word die laaste reël van die slotsang in handsakke toegeknip. Daarna boekgeritsel en klaarstaan-om-te-loop - uit die gebou, uit die atmosfeer, uit die prediking, uit die koel rus na waar nuwe aanslae van die orde en reëlmaat wag . . .

En blanko A4.

# R. M. Klopper

## PETRA

O eensame stad uit rots gekerf,  
hoe stil is nou jou skemer gange,  
eens gevul met priesters se offersange  
terwyl 'n meisie op die altaar sterf.

Die helder stemme het verdwyn van jou plein  
en die kinders wat fluit speel en lag.  
Dooie herberg, in jou het mans elke nag  
na sydoekmeisies gewink oor die wyn.

So word ook ons stede stom  
en deur die tyd bestem as die vlermuis  
en die blinkoog uil se eiendom.

Here, gee dat ons saans sal sit en praat  
op die stoep en vir ons kinders lag  
as die skemer afvloei in die straat.

## UITSIG

Deur my ore sien ek vér in die nag  
'n haan snawelwyd op sy stellasië kraai;  
die witpluim van 'n skommeltrein  
en vonke waar sinjaaldrade klets.

Ek sien 'n hond roetineblaf  
vir 'n stoker op sy fiets  
en vir 'n outa wat kitaardronk  
sy eie lied sing in die wind.

Met my oë hoor ek die sterrestelsels  
van ons windverwaaide heelal  
flou in God se kaggel knip.

## APOKOLIPS

Vlie ek vinniger as lig  
moet die eerste drie dimensies swig  
en word die rumoerige hede  
stil projeksies uit die vér verlede.

Kyk ek trug, die toekoms in,  
sien ek die einde smeulend begin  
en die laaste flardes tyd

## *Fanus Bothma*

### ONTHAAL

My vriende's in tapisserieë  
my liefde in persiese tapyte  
en my gaste loop daaroor.  
Die kool van status  
lê doodgedruk  
in my  
in my geelkoperbak  
en 'n sopie Oude Meester  
verdamp tussen wortels  
van my  
van my getatoeërde malva —  
dit alles  
vir die gestensilde tot siens teen twaalfuur.

# Lucas Malan

## SLAAP DIEP SLAAP VER

As ons kon slaap geliefde  
naby en warm kon slaap;  
as ons kon droom  
ver en drywend soos heuwels;  
weg van verlang  
swaar woorde wat klank  
maar nooit klink nie;  
in mekaar kon wegsink  
beskut in jou mond  
van appelboorde wingerdland  
om nooit met 'n bitter smaak  
weer gebore te word,  
nooit weer  
aan dagbreek se wonde te dink  
hoog bo koue berge  
ewig blink kon slaap:  
eggo van die môrester

## IN MEMORIAM

Jy word vermis  
in die vyfuur-middagstoet;  
die daeraad betreur jou afwesigheid,  
by Saterdagavond se vermaaklikheid  
vermoed almal dat iemand ontbreek;  
dis jy wat seisoene verwar  
bloot omdat jy nie meer hier is  
om die neerlaag van herfs te ervaar,  
papawers in die weiding te pluk  
en milde somerreëns te ontduik nie —  
marmervloere begeer  
om jou voetval te eggo  
en busse verpoos 'n oomblik langer  
by haltes

dat jy miskien tóg  
op die laaste oomblik  
— verterende verwagting —  
afhanklik sal wees van vervoer;  
nes al die ander gewone mense

Maar 'n gewone mens was jy nie  
jy't jou vriende afgesterf  
sonder wroeging sonder gemis  
en net die laatmiddag gevra  
om jou vir altyd te onthou

Nee, 'n gewone mens was jy nie  
daarom word jy oral vermis  
en my dae is reise na jou  
en niks is meer helder nie

en jy praat nie meer met my  
vanuit jou donker kelder nie

## *A. D. J. Van Vuuren*

### LET OP DIE NAG

Let op die nag . . . , my lief,  
— wat die son insluk  
— wat die koors van die dag breek  
— wat die bees se knieë knak  
— wat die lug persblou kneus  
— wat die klipmure laat gloei  
— wat die maan laat rook  
— wat die swart soos 'n kalf hokslaan  
  
— wat jou woorde waansinnig VERGROOT  
soos die SKRIF TEEN DIE MUUR.



A. J. J. Visser

## Strofe 8, 9 en 10 van „Die Swart Luiperd”

„Het leven is op reis”, het Boutens elders gesê. Stilte, rus, vaste waarhede bring verstarring, versanding en die dood.

Alles moet drif wees, vaart, dinamiese beweging.

In GESTALTES EN DIERE in die algemeen en in *Die Swart Luiperd* in die besonder is hierdie angs vir die onbeweeglike primêr.

Daarom dat die reisiger nie die perspektief vanaf „die sneeupiek . . . bo elke afgrond” as verlossing kies nie, maar die oerwoud waar hy ’n „bese-tene van die jag” bly (strofes 41-43), slegs gelei deur die soeke self, want „om te vind- dit is U vloek”.

(*In waansin het ek gevra*)

Hiermee hang ook saam die paradoksale: „’n wêreld het in my verstar.” (strofe 46) teenoor: „niks is dood en alles dans . . . (strofe 47)

Na aanleiding hiervan slegs enkele gedagtes by strofe 8, 9 en 10:

Die reisiger onderneem, deur middel van ’n vraag aan sy hoorder in strofe 7, om „sy naam wat sluimer (te) wek” en begin dan in strofe 8 en 9 (in die verlede tyd) by ’n gevorderde punt van sy reiservaring met ’n onvolledige soort opsomming wat daarop neerkom dat hy een met die aarde geword het. Volgens T. T. Cloete loop die woorde egter nie ver nie, bly steek, word ’n stameling in strofe 10: „Donker is my oë en my bloed . . .” (in die teenwoordige tyd.)<sup>1</sup> Strofe 8 en 9 wat uitloop op 10 wat ’n finale toestand aandui, is dit dus nie, maar is eintlik ’n „trial and error” van die reisiger! Na die „stameling” begin hy dan weer in strofe 11 by die begin, kry koers en vertel „alles”.

Is strofe 8, 9 en 10 nou ’n „trial and error” van die reisiger? Hierdie uitspraak kan nie sonder kwalifikasie aanvaar word nie.

Uit Opperman se bespreking, nl. *Die aard van die Dramatiese Alleen-spraak*<sup>2)</sup> wil dit voorkom asof die sikliese element in *Die Swart Luiperd* (vgl. strofe 46 en 1) daarop dui dat die spreker telkens sy storie sal herhaal. Hierdie herhaling word bevestig deur die teenstelling *nou* (aanvang van strofe 1) en *weer* (strofe 2).

Verder :

„My pad is self die ding wat *trek*,  
hy *dwing* die voet om voort te gaan” (Strofe 7)

bewys dat die spreker uit innerlike noodsaak praat - dis of iets hom kwel, of hy 'n stryd voer waarin die voorval in die verlede telkens na die hede getrek word in 'n poging om sy huidige posisie aan homself te regverdig. Hy luister dus gedurig na sy eie stem en al het hy van die begin af klaar sy kyk op sake . . . (die reiservaring is tog al agter die rug), reis hy nog, wéér, *soek* hy juis deur die aandagtige geluister na sy eie vertelling of hy nie daaruit iets kan haal wat sin aan sy optrede en lewe kan gee nie. „Want die Woord ten slotte, is die laaste toevlugsoord vir die digter, die enigste vastigheid in die ewige vloeibaarheid wat hom omring.”<sup>3)</sup> Die enigste sin of oplossing wat hy kry, probeer kry, is in die verwoording self.

Gesien dus as suiwer soeke deur aandagtig te luister na sy eie vertelling het die verwoorder, die reisiger deur die oerbos van die Syn, gevoel dat hy hier te kort skiet, dat hierdie finale toestand van strofe 10

„*Donker* is my oë en my bloed(i) :  
ek is 'n swart gesteente(ii) en uit  
straal niks(iii), en ál wat gloed  
van binne is, is toegesluit.”(iv)

nie die sin aan sy lewe gee wat hy soek nie, dat hy as reisiger op die „*journey in his head*” by die punt gekom het waar die „reis” doodloop in 'n tunnel: „in die aarde vasgerank”. (Strofe 8) Dit beteken dat hy by die gevreesde „gaan staan” gekom het waarna by die begin verwys is.

Daarom weer voor begin om langs 'n ander weg, dié van die waansin „ten einde skouend in die wêreld van die onbewuste” (Mulder) 'n ander bestemming, helderhede te bereik :

„*geen ding* is duister(i), maar hy glans(iii)  
of hou sy skittering ingesluit  
en niks is dood, en alles dans(ii)  
en reik na naamlose dinge uit.”(iv)

As dit „trial and error” sonder meer sou wees, moes ’n mens strofes 8, 9 en 10 reken by wat Opperman as ’n te veel meen te sien, en sal die strofes weg-gelaat kan word sonder dat die gedig wesenlik aangetas word.<sup>4</sup>) En dit tog nie.

Myns insiens het ons hier weer eens ’n voorbeeld van die moderne strewe, nl. dat ons deur die woord self die werking van die beeldende kunstenaar-skap ervaar.

<sup>1</sup> Cloete, T. T.: Die Wakende Droom in *Die Swart Luiperd*, opgeneem in BESKOUINGE OOR POËSIE.

<sup>2</sup> STANDPUNTE, Nuwe reeks 36, bl. 10.

<sup>3</sup> MULDER, H. A.: Laaste Opstelle, bl. 32.

<sup>4</sup> OPPERMAN, D. J.: DIGTERS VAN DERTIG, bl. 242.

## A. J. J. Visser

### LANDMETERSBAKEN

Soos die hoogste bome  
ál die wind.  
Kompensasie: dat die mens,  
elkeen gebonde  
aan sy wit, bruin of swart grens,  
in my wat heers oor skeidings,  
oor afgronde  
’n hoorder vind  
vir hul gebede,  
’n kenner van hul omstrede  
holistiese drome.

# Cromwell Everson

## TELEPATIE

dis jy wat inkom  
as ek gaan slaap  
inkom in my slaap  
as slaap inkom

dis jy wat inkom  
in my gáán-slaap  
inkom in my gáán  
inkom in my  
inkom in my-inkom  
in my  
ín  
as slaap inkom  
is dit jy wat inkom

## EK KYK DEUR JOU OË

ek kyk deur jou oë  
en sien 'n tuin vol blomme  
en as ek die geure pluk  
gons die goudby om en om

ek kyk deur jou oë  
en sien die eerste oggendstrale  
tussen God se gekleurde wolke  
soos 'n reën oor die aarde val

en ek kyk deur jou oë  
binne jou in en sien  
'n skulp vol oë sagte bruin  
vol tonge lippe monde  
binne 'n skulp  
    'n hart

en ek kyk binne jou in  
en die tong van jou oë praat  
soos 'n hart se hartklop pols  
soos 'n goudby gons  
soos reën  
soos oggendstrale  
soos geplukte blommegeure  
en jou oë kyk deur my oë  
    en verlang jy nog na my?  
en skielik skree my blinde oë  
en blind skree my oë  
Vat my hand, beminde

## JOU OË WORD MUSIKAAL

jou oë  
    ek plaas my hand om jou hart  
    soos 'n hand om 'n deurknop  
    om binne jou te loer  
jou oë kerm  
    ek plaas my hand om te kyk  
    of my bloed...  
jou oë half-sluit  
    soos voëls in bome musikaal  
    'n luit...  
jou oë winter  
jou oë kerm in my bloed

## SON STAAN STIL

en josua sê  
son  
staan stil in gibeon  
en maan  
in die dal van ajalon  
toe staan die son bly staan  
en bly die maan staan  
en God dink donker en josua bloed  
bloed om die son  
en die maan in die dal van ajalon

en josua sê  
son staan stil  
en aan die wêreld se anderkant  
het dit donker gestaan  
het die ys stil gestaan bly staan  
en bly die donker maan in ys staan  
stil staan soos die dood donker staan  
en God dink donker en josua dood  
dood om die maan  
en die son staan stil in gibeon  
veragting vir sy slagting  
en die maan in die dal van ajalon

# Mada Reinecke

## Die dag voor hemelvaart

Sy vou haar hande oor die baie boeke op die lessenaar.

Dis môre hemelvaart.

Sy is nie gereed nie.

Maria staan op en stap uit op die klipstoep van hulle groot plaashuis.

Die wind ruk haar gedagtes los. Sy begin hardloop. Maar sy word gou moeg, want die paadjie kronkel en haar bene is stram al is haar lyf nog jonk.

As sy die dam kan bereik voordat hulle die skuit uitstuur, sal sy hulle kan waarsku. Maar die dam lê handspieëltjie-vér teen die horison. Die spanning maak haar treë kort. Eers die skielike siekte en dood van haar huisbediende. Toe al die beeste wat bly lê. Amper vyfhonderd van hulle. Die horings laag teen die grond.

Sy vryf oor haar oë.

Die dam blink helderder.

Die kiem is in die water, dink hulle.

Hannes, haar man en volk het vroeër die middag begin om die saak te ondersoek.

'n Vreemde verskynsel.

Sy het by die lessenaar gaan sit en 'n brief huis toe begin skryf:

*Liewe Ouers en almal daar,*

*Vandag het ek nie goeie nuus nie. 'n Groot beproewing het ons getref.*

*Hannes is nou besig om . . .*

Toe lees hulle die sin oor die nuus:

„Alle boere in die Witfonteindistrik word gewaarsku om nie naby hulle damwater te kom nie. Dit kan nog vir besproeiing gebruik word, maar 'n vreemde kiem wat by aanraking die liggaam binnedring, is in die water opgespoor. Die dood van vyf bediendes is reeds aangemeld en al die vee wat van die water gedrink het, het bly lê. Die saak geniet aandag. Ons herhaal . . .”

As sy net vinniger kan hardloop!

Die dam lyk nou so naby dat sy haar verbeel sy sien die werkers op die wal. Maria begin roep na haar man. Maar die wind is tussenby. Skielik begin sy huil. Sy gaan nie betyds wees nie. Die vrees gee haar krag en sy skiet soos 'n veer vorentoe. Sy moet by Hannes kom.

Hannes!

Sy sien nou die trekker, maar nog geen mense nie.

Hannes!

Maria roep jou.

Haar knieë begin in klonte pyn en niemand is naby nie. Sy kan niemand sien nie. Net die trekker langs die wal. Haar oë spoed oor die damoppervlak, maar wilde patrone word terugweerkwaats. Tot sy die stippeltjie sien.

Ag Here!

Sy is nie betyds nie.

Hulle is al diep in.

Hannes hannes hannes hannes.

„Hier Maria!”

Sy swaai vinnig om.

By die waterpomp staan hy gereed om die sluis oop te trek.

„Moenie!” skree sy.

„Hannes moenie!”

Hy lag en die water spuit 'n blink straal oor sy voete en knieë en spat in groot kolle teen sy bors.

„Miesies het die Miesies my geroep?”

Sy lig haar kop op.

Haar bediende staan witgevoorskoot in die deur.

„Nee,” sê sy.

Want sy was dood.

„Auk,” lag sy en loop.

„Eveline.” roep Maria haar terug.

„Waar's die baas?”

„Hy werk nog by die dam my Mies.”

Sy spring op.

Sy weet nou nie of sy gedroom het nie.









